Matieland

Universiteit van Stellenbosch
Jaargang 16
Nommer 3 Desember 1972



DIE FEDERALE GROEP

Manne met dryfkrag
Middele vir groeikrag
Moontlikhede met trefkrag

As lewens-versekering deel van u lewe word. Onthou Sanlam.

Sanlam. Mense wat verstaan.

H&S 40963



Maak geld soos dit u pas – laat ons u help om dit te behou.

Hoe moet mens regkry om te spaar as pryse daagliks styg? Wanneer jy wel spaar, hoe verseker jy dat jy maksimum winste op jou kapitaal verkry? En tog ook veiligheid en sekerheid?
Wanneer dit by geldsake kom, vra U die vraë.
Die antwoorde lê by Saambou-Nasionaal.
Hoe gouer u met Saambou-Nasionaal praat, hoe gouer pluk u die vrugte.

SAAMBOU-NASIONALE BOUVERENIGING

SAM101/1A

Vir die man wat kwaliteit bo alles stel

★ ★ ★ ★ ★

Oude Meester
Die Wêreld
se Beste
Brandewyn

OUD 242A/202

MATIELAND

UITGEGEE VIR OUD-STUDENTE EN DONATEURS
DEUR DIE
UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

ONDER REDAKSIE VAN
J. J. OOSTHUYSEN

MET MEDEWERKING VAN
DIE DEPARTEMENT VAN ONTWIKKELING

JAARGANG 16 NO. 3 DESEMBER 1972

In Hierdie Uitgawe

Oud-Maties in die Kabinet, 5
Redaksioneel, 6
Studente en Universiteit op die Pad van Suid-Afrika, 6
Nuwe Lede van die Kabinet, 7
Akademiese Jaar 1973, 7
Ons Eer Hul Nagedagtenis, 8
Die De Beers-gebou vir Chemie, 9
Mimi Marais – Een uit die Geslag van Weldoensters, 12
Aanvullende Grade- en Diplomaplegtigheid 21 Junie 1972, 14
Aanstellings en Bevorderings, 15
Professore, 15
Verlenging van die Dienstyd, 16
Skenkings, 17
Ter Ere van, 20
Kursusse, 23
Nuwe Grade in Onderwys – Primêr en Sekondêr, 23
Bestuurskool Pas Kursusse aan by Praktyk, 25
Die Manne moet die Mure Wees, 28
Oud-Maties, 30
Matielandfonds, 36
Dekane 1973, 36
Studentebedrywighede, 37
Die Studenteraadskonferensie 17, 18 Julie 1972, 37
Eggo van Universiteitskoor, 39

VOORBLADFOTO:

Een van die ruim gange met imposante gewelwe in die De Beers-gebou

Oud-Maties in die Kabinet, 1 Augustus 1972

1
MNR. M. C. BOTHA
Minister van Bantoe-Administrasie en Ontwikkeling en van Bantoe-Onderwys

2
DR. B. J. VORSTER
Eerste Minister en Kanselier van die U.S.

3
SEN. J. P. VANDER SPUY
Minister van Nasionale Opvoeding

1

2

3

4
MNR. S. P. BOTHA
Minister van Waterwese en van Bosbou

5
MNR. J. J. LOOTS
Minister van Beplanning en van Statistiek

6
DR. P. C. KOORNHOF
Minister van Mynwese, Immigrasie, Sport en Ontspanning

4

5

6

7
MNR. J. C. HEUNIS
Adjunk-minister van Finansies en van Ekonomiese Sake

8
MNR. J. J. MALAN
Adjunk-minister van Landbou

7

8

Redaksioneel

Studente en Universiteit op die Pad van Suid-Afrika

Van die heel eerste Stellenbosse studente in 1866, verby die huidige tot die verste toekomstige geslag sal (D.V.) nog 'n lang pad wees. Die lengte van die pad wat deur die Stellenbosse studente afgelê is, beslaan feitlik een-derde van die huidige lengte van *Die Pad van Suid-Afrika* wat so treffend beskryf is deur C. J. Langenhoven, wie se honderdste geboortedag ons beplan om in 1973 op groot skaal te herdenk. Dit is die Universiteit van Stellenbosch beskore dat 'n groot deel van sy eie geskiedenis ook die geskiedenis van ons land is.

Soos ons land Suid-Afrika volgens Langenhoven 'n „agterverlede" gehad het, het die Universiteit ook sy agterverlede belewe toe studente met meer geloof, doelbewustheid en volharding as finansiële middele hierheen gekom het om op die begeerde Stellenbosch te studeer in die enkele rigtinge wat toe nog maar beskikbaar was. Dit was die tyd toe die koue water van die Eersterivier vir sommige later beroemde oud-Maties goed genoeg móés wees vir liggaamlike reiniging. Dit was hulle wat die grondleggers was van die *Eikestad Athene vir gees en liggaamsbou.* Sommige van hierdie veterane was nog bevoorreg om 'n reünie in 1970 in Matieland te kon bywoon.

Na genoemde voorgangers het die studentegeslag van die depressiejare gekom. In baie gevalle het die motivering vir studie gespruit uit die algemene benarde ekonomiese toestand wat mense verplig het om ten beste gekwalifiseerd te wees om darem werk te kon kry. Maar daar was ook 'n wye begeerte by die Afrikaner om op te staan uit die derderangse ekonomiese posisie waarin hy homself in sy eie land bevind het. In latere jare het ook hierdie geslag veel roem ingesamel en hulle presteer vandag nog op talle gebiede. Dit is uit hulle geledere wat die senior leiers vandag nog bestaan.

Laasgenoemde is opgevolg deur 'n studentegeslag waarin die vroeëre Afrikaanse kultuur as 't ware bevestig is. Die vroeëre geslagte sal dalk sê hérontdek is en die historici mag dit selfs beskou as ons renaissance. Die simboliese ossewatrek van 1938 het 'n onuitwisbare stempel op dié geslag afgedruk. Dit was ook oor hulle hoofde dat die Tweede Wêreldoorlog gegaan het. In hierdie tyd was die skeidslyne tussen mens en mens en beleid teenoor beleid duidelik gekerf. Dit is hierdie studentegeslag wat so pas reünie gehou het. Hulle is nie net die aktiewe vennote van die ouere Depressie-manne nie; hulle het in meer as een opsig die roer van die staatskip in die hande. (Sien bladsy 5 van hierdie uitgawe.)

Op die grondveste van wat die vorige geslagte gelewer het, is gebou 'n onafhanklike republikeinse staat met eie vlag, die gelyke beregtiging van die tale van die twee groot blanke groepe, die fenomenale ekonomiese groei, die opbloei van opvoedkundige geleenthede en 'n militêre paraatheid.

Vir die huidige geslag lê andersoortige, maar ewe belangrike take voor soos die opbou van 'n onderlinge lojaliteit van burger teenoor burger en van burger teenoor die Staat. Onlangs het 'n geograaf gesê dat „dit die $3\frac{1}{2}$ miljoen blankes is wat die ekonomiese pols van Suid-Afrika bepaal". Ewe goed kan bygevoeg word dat hulle ook die godsdienstige, kulturele en maatskaplike polsslae bepaal. Maar hoe belangrik die polsslag ook mag wees, moet dit in harmonieuse medewerking met die res van die liggaam verkeer.

Dit is juis hierdie harmonie tussen die verskillende bevolkingselemente waarmee ons studente hulle vandag grootliks besig hou. Op 22 Februarie 1970 het ons Kanselier hulle aangemoedig om die nodige rol te speel om Suid-Afrika nóg stabieler te maak en veral aan hulle opgedra om hulle te „vergewis van ons land se moontlikhede, sy probleme, sy posisie in die wêreld en van ons land as veelvolkige gebied met sy verskillende rasse, hulle tale en ontwikkelingspeile".

In dieselfde gees het wyle dr. G. S. J. Kuschke in sy laaste boodskap aan die Stellenbosse studente op 25 Februarie 1970 gesê: „Suid-Afrika moet op ons kontinent dieselfde leidende rol speel as wat die V.S.A. in die wêreld van vandag moet vervul". Dit is groot gedagtes om aan te pak!

Miskien het Francis Quarles aan die begin van die sewentiende eeu reeds die aanvoeling van die veelvuldige strikke en eise van die lewe gehad toe hy geskrywe het:

> My soul, sit thou a patient looker-on;
> Judge not the play before the play is done:
> *Her plot hath many changes;* every day
> Speaks a new scene; *the last act crowns the play.*

Ook vandag, en dalk juis soveel meer, worstel ons met die identifikasie van die „plot" en die komplot. Dit bly egter van die grootste belang dat ook aan die laaste bedryf beslissend moet deelgeneem word.

Na nog 'n aantal jare sal iemand seker ook terugkyk, en omdat hy die jare dan oorsigtelik kan sien, sal hy die patroon wat sake aangeneem het, kan karakteriseer. Sal hy dalk hierdie jongste tydperk van storm en drang aandui as die tyd van nasiebou?

KERSFEES EN 1973

Mag al die lesers van *Matieland* die innerlike vrede van 'n geseënde Kersfees ervaar; mag 1973 onder Sy seënende hand vir u en ons land 'n voorspoedige jaar wees.

NUWE LEDE VAN DIE KABINET

Matieland wens die volgende ministers en adjunkministers hartlik geluk met hulle aanstellings op 1 Augustus 1972 in die verantwoordelike poste. Mag elkeen van hulle 'n geseënde ampstyd hê tot eer van God en tot heil van Suid-Afrika.

Sy Edele A. H. du Plessis, Minister van Gemeenskapsbou en van Openbare Werke.

Sy Edele dr. P. G. J. Koornhof, Minister van Mynwese, Immigrasie, Sport en Ontspanning.

Sy Edele H. Schoeman, Minister van Landbou.

Sy Edele dr. S. W. van der Merwe, Minister van Kleurlingsake, Gesondheid en Rehoboth-aangeleenthede.

Sy Edele prof. O. Horwood, Minister van Indiërsake en van Toerisme.

Sy Edele J. C. Heunis, Adjunk-minister van Finansies en van Ekonomiese Sake.

Sy Edele adv. J. T. Kruger, Adjunk-minister van Polisie, Binnelandse Sake, Volkswelsyn en Pensioene.

Sy Edele T. N. H. Janson, Adjunk-minister van Bantoe-Administrasie en -Onderwys.

Sy Edele J. J. Malan, Adjunk-minister van Landbou.

Sy Edele J. W. Rall, Adjunk-minister van Vervoer.

GELUKWENSING

Mnr. J. D. J. de Necker, lid van die Raad van U.S. word hartlik gelukgewens met sy verkiesing tot President van die Afrikaanse Handelsinstituut.

AKADEMIESE JAAR 1973

Eerste Semester

Aanvang van klasse (uitgesonderd klasse vir sekere kursusse):

Formele opening	Maandag, 19 Februarie
Aanvullende grade- en diplomaplegtigheid	Vrydag, 9 Maart
Einde van eerste kwartaal ...	Vrydag, 30 Maart
Van Riebeeckdag	Vrydag, 6 April
Hervating van voorlesings, tweede kwartaal	Maandag, 9 April
Goeie Vrydag	Vrydag, 20 April
Paasmaandag	Maandag, 23 April
Hemelvaartdag en Republiekdag	Donderdag, 31 Mei
Openbare Vakansiedag ...	Vrydag, 1 Junie
Einde van eerste semester ...	Vrydag, 15 Junie

Tweede Semester

Aanvang van klasse, tweede semester	Maandag, 16 Julie
Setlaarsdag	Maandag, 3 September
Einde van derde kwartaal ...	Vrydag, 21 September
Hervatting van voorlesings, vierde kwartaal	Maandag, 1 Oktober
Krugerdag	Woensdag, 10 Oktober
Klasse sluit (uitgesonderd sekere kursusse); laaste dag vir inlewering van klassyfers	Vrydag, 19 Oktober
Einde van die akademiese jaar	Vrydag, 7 Desember

TELEURSTELLINGS

Indien u bydrae nie verskyn nie, of sterk gesny is, vra *Matieland* beleefd om verskoning.

Ons Eer hul Nagedagtenis

DEKAAN VAN TANDHEELKUNDE

Prof. John F. v. d. S. de Villiers, dekaan van die Fakulteit van Tandheelkunde, Stellenbosch, is op 10 Oktober, in die ouderdom van 63 jaar, te Johannesburg oorlede na 'n smartlike lyding wat hy met groot dapperheid gedra het.

Hy was hart en siel betrokke om die nuwe fakulteit wat van meet af aan beplan moes word, op 'n hegte grondslag te plaas. Hy was van 1968 hiermee besig.

Prof. De Villiers word oorleef deur sy vrou, bekend as die skryfster Veronica Wessels, drie seuns en 'n kleinseun.

Dr. Ben Smit, voormalige senior lektor in suiwelbereiding aan U.S., is in die ouderdom van 81 jaar op Stellenbosch oorlede. Hy word oorleef deur sy vrou en vyf kinders.

Ds. Jan Hendrik Malan Stofberg, is in Junie vanjaar in die ouderdom van 86 jaar oorlede, en in Pretoria, sy laaste woonplek, begrawe. Hy is op 19 Januarie 1886 naby Villiersdorp gebore, maar het in Goudini opgegroei en was nog 'n produk van die ou plaasskool in Slanghoek. Van 1906 tot 1912 het hy op Stellenbosch gestudeer. Die grootste deel van sy bediening was in Transvaal waar hy twintig jaar tot sy aftrede in 1959 sendingsekretaris was. Hy was ook een van die vroeë yweraars vir Afrikaans op die kansel.

Hy word oorleef deur sy eggenote (geb. Maria Aletta Potgieter) en twee seuns, mnr. T. C. B. Stofberg (in die onderwys) en dr. P. J. P. Stofberg (superintendent van die Philadelphia-sendinghospitaal waar ds. Stofberg oorlede is).

Ds. Pam (Philippus Albertyn Myburgh) *Brink,* gebore 2 Oktober 1882, is in Junie op Stilbaai oorlede. Hy het aan die Victoria-Kollege en die Stellenbosse Kweekskool sy opleiding gehad. Sy Eggenote (mej. B. F. van der Merwe) het hom in 1945 ontval. Uit die huwelik is drie seuns en vyf dogters gebore. Hy is later weer met wed. A. J. C. Haupt getroud.

Hy het die gemeentes Leipoldtville, Hopefield, Ladysmith en Porterville bedien. In die Natalse Sinode was hy skriba en ook moderator. Ds. Brink was, na ons wete, die tweede oudste lewende oud-Matie.

Mej. Joan van Niekerk, wie se foto in die vorige uitgawe van *Matieland* op bl. 5 saam met dié van proff. Con de Villiers en H. B. Thom verskyn as een van die baanbrekers op die gebied van die Afrikaanse Volksmusiek, is skielik op 5 September in Die Strand oorlede.

Ds. D. F. B. (Dan) de Beer is in die ouderdom van 70 jaar op 11 September aan 'n hartaanval oorlede. Hy was 27 jaar lank sekretaris van die Komitee vir openbare Sedelikheid van die N.G. Kerk.

Mnr. C. E. de J. (Boy) Louw, M.Sc. (Stell.), 'n senior vakkundige beampte van die vrugtenavorsingstasie Bien Donné, Simondium, is op 3 Julie in die Paarl aan 'n hartaanval, in die ouderdom van 35 jaar oorlede. Hy word oorleef deur sy vrou en drie kindertjies.

Prof. De Vos Verloor Twee Kleinkinders

Op 19 Julie vanjaar het Jana-Marie (19 maande) & Johan (3 jaar) de Vos, kleinkinders van prof. en mev. P. J. de Vos van die Militêre Akademie op Saldanha, in 'n motorongeluk die lewe gelaat.

Kapt. P. A. M. de Vos, vader van die oorledenes, verbonde aan die Eerste S.A. Infanterie-bataljon op Oudtshoorn, was nog enkele dae tevore besig met die groot kommando-oefening in die Kaapse Skiereiland. Mev. Hester de Vos, die moeder, was met die kinders op pad terug na 'n besoek aan haar ouers, mnr. en mev. J. H. Goosen van Bloemfontein. Sy en klein Pieter (4 jr.) het albei veelvuldige beserings opgedoen.

Die De Beers-gebou vir Chemie 1922-1972

Van al die akademiese geboue op Stellenbosch is daar één wat nie sy geboortedatum probeer wegsteek nie – dit staan daar vir almal om te lees op die gegote ystertregters bo-aan die afvoerpype vir dakwater in die binnehof. En in die vyftig jaar van sy bestaan is daar aan sy uiterlike geen veranderinge gemaak nie – die *De Beers-gebou vir Chemie* is in een keer klaar gebou! In sy hart het daar egter baie veranderinge en vernuwings plaasgevind.

Laat dit tot sy eer gesê word dat hy vir baie jare dié akademiese gebou was met die hoogste munisipale waardasie, wat ook sy werklike boukoste was, waarvan die helfte 'n vrye skenking was van die De Beers Maatskappy van Somerset-Wes. Die goeie verstandhouding tussen die De Beers Maatskappy en die Universiteit, en ook met die Chemie-departement in besonder, blyk verder daaruit dat direkteure van genoemde maatskappy vir baie jare in die Universiteitsraad gedien het, en dat vir baie jare die Maatskappy al die anorganiese sure wat deur die Chemie-departement benodig was, geskenk het. Werkgeleentheid in vakansietyd word nog gereeld aan studente van die departement Chemie gebied.

Maar laat ons na die De Beers-gebou en sy goue jubileum terugkom. Met die eerste oogopslag is dit duidelik dat daar nie afgeskeep is met materiaal wat destyds beskikbaar was nie. Daar is op 'n ruim skaal gebruik gemaak van egte Birma-kiaat, wat dikwels beskryf word as die platinum van die houtsoorte. Die laboratoria en leeskamers het almal jarra-vloere, wat vandag nog so goed is as die dag toe hulle gelê is. Die ingangsportaal se vloer is van wit en swart marmer, die fondamente en ingangstrappies van graniet. Dit word dikwels gesê dat daar met ruimte gemors is – dieselfde kan van 'n paleis gesê word, maar selde van 'n krot! Die vier voorlesingsale lyk na vyftig jaar nog nie afgetakel nie.

John Biscombe – legendariese alchemis

Vir die eerste elf jaar van sy bestaan het die De Beers-gebou die afdelings anorganiese, organiese en fisiese chemie gehuisves, en in 1934 het die afdeling biochemie bygekom. Die groot trek van eersgenoemde afdelings vanaf die ou Chemie-gebou op die terrein waar die H. B. Thom-teater nou staan, het aan die einde van die akademiese jaar 1922 plaasgevind, en dosente, studente, en John Biscombe moes eiehandig die trek behartig.

Die legendariese John was die destydse laboratoriumbediende, oorspronklik van beroep 'n loodgieter, en reeds voor die eerste wêreldoorlog deur dr. Sarel van der Merwe van 'n inmaakfabriek in Wellington afgerokkel. Deur sy ervaring het John waarskynlik net so veel van die praktiese sy van die destydse anorganiese en organiese chemie geweet as die meeste eerste- en tweedejaarstudente, hoewel sy teoretiese kennis baie gevaarlik was. Waar was die dag toe een van die tweedejaars in die kwalitatiewe analise die erlenmeyerfles breek, net na groep I, en toe die vloeistof sommer met die kaal hande in die wasbak invee! (Daar was al so effens swawelwaterstof aan sy hande en die mengsel het 'n bismutsout bevat.) Toe sy hande begin bruin word, draf hy na John. Dié se raad was: geel ammoniumsulfied! Toe hy met die paar pikswart hande by dr. Sarel kom kla, was John daar om homself te verdedig: „Hoe kan 'n mens wat chemie ken dan so onnosel wees?"

Manne van Naam

Die presiese totale getal voorgraadse studente in 1923 is moeilik om vas te stel. 'n Skatting is 70–80 eerstejaars, 40–50 tweedejaars en die eerste derdejaarsklas in die De Beers-gebou was 25. Dit was hoofsaaklik hulle wat aan die groot trek deelgeneem het. Onder hulle was daar 'n paar toekomstige professore, prinsi-



Die dosente en derdejaarstudente van 1923 – die eerste finalejaarklas in die De Beers-gebou. Die vyf dosente sit in die tweede ry van voor, vanaf die derde van links: dr. D. B. Joubert, prof. C. D. van der Merwe, prof. B. de St. J. van der Riet, prof. D. F. du Toit en dr. (later professor) J. M. Joubert.

pale van hoërskole en opleidingskolleges, en inspekteurs van skole.

Van die dosente wat daardie trek meegemaak het, leef vandag nog net een, en hy is reeds tagtig jaar jonk. Wie, wat daardie oorspronklike vyf persoonlik geken het, kan hulle ooit vergeet? Dr. Dawie Joubert, die jongste van die vyf, het eerste heengegaan. Nie alleen was hy 'n besielende leermeester nie, maar ook 'n liefdevolle mens. Daar moet nog baie van die seker meer as 2 000 eerstejaars uit daardie jare leef, wat hom sal onthou. Begin 1944 is prof. D. F. du Toit na 'n lang siekbed oorlede. Dié wat hom en mev. Du Toit geken het, sal altyd die gasvrye huis onthou. As stadsraadslid en burgemeester het dr. D. F. du Toit sy dienste ook aan die publiek gegee.

Een Skop was Mis!

As dit egter by lesings en praktika kom wat 'n student nooit sou vergeet nie, dan moes hy met prof. C. D. (Sarel) van der Merwe te doen kry. Hy kon selfs 'n ding wat maar halfwaar was, so oortuigend vertel, dat dit soos evangelie geklink het. As dit by praktiese werk kom, was net die beste goed genoeg vir hom om te aanvaar. Dit was voor die dae van outomatiese skale, en die studente moes toe nog „weeg"! Vandag is „gewig" mos taboe – dis massa! Maar 'n duplikaatbepaling moes vir dr. Sarel klop tot binne 'n kwart persent. Daardie dae is daar ook nog anorganiese preparate gemaak, o.a. ammonium-ferri-aluin en kaliumferro-sianied, en die kristalle moes saam met die moederloog ingelewer word. 'n Sekere student het so pas die preparate aan dr. Sarel getoon, en gooi per abuis die aluin in die verkeerde bak. Toe die intense blou kleur verskyn, maak hy sy rug hol soos hy met sy sitvlak plek maak – die skop was net mis!

Die Eienskap van Goeie Mis

En van mis gepraat, daar is seker nog van die 1928-derdejaarklas wat sal onthou dat dit toe honderd jaar gelede was dat Wöhler ureum gesintetiseer het, en so die skeidingsmuur tussen organiese en anorganiese chemie afgebreek het. Dr. Sarel het vir sy skoonvader ter herinnering hieraan, 'n sakkie ureum geneem, om as stikstofkunsmis op sy mielies uit te toets. Dr Sarel het aan die derdejaarklas die storie vertel. Die oubaas het aan die ureum geruik en gesê: „Kêrel, die goed stink dan nie eers nie". Toe dr. Sarel antwoord dat dit in 'n fabriek gemaak word, was die oubaas se antwoord dat hy glad nie aan sulke mis glo nie, want mis word anders gemaak.

Dr. Sarel het nie geglo dat dit goedkoper is om rein



Links 'n 1972-model apparaat om brekingsindekse van stowwe te bepaal teenoor die 1922-model (regs).

jodium en kaliumjodied en silwernitraat en ammonium-molibdaat te koop, as om dit uit afvalprodukte van eksperimente te herwin nie. Sy kantoor was gewoonlik gevul met 'n digter mis van suurdampe en rookdampe as wat 'n mens ooit deesdae naby Du Toitstasie aantref. Daar is vandag nog flesse met sy handskrif op die etikette, met die byskrif „Uit reste".

En wie van sy vriende en selfs senior studente het ooit die 4de September vergeet? Almal was welkom by dr. Sarel se verjaardag. Vir sy laaste verjaardag, net na die tweede wêreldoorlog, het mev. Van der Merwe hom glo 'n nuwe elektriese stoof present gegee, asook die rekening! Sy kollegas en studente was verslae toe hy onverwags in 1946 oorlede is.

Oubaas Fenol

Prof. Van der Riet word deur die ou geslag onthou as oubaas Fenol – hy het nooit goed Afrikaans leer praat nie, maar hy was nog een van daardie geslag van „perfect gentlemen". Hy was die eerste een van die chemie-dosente wat die destydse vrywillige aftree ouderdom bereik het, nl. 73 na 'n dienstyd van 45 jaar, die langste wat 'n dosent die Universiteit nog gedien het, en daarna het hy nog 12 jaar gereeld besoeke aan die De Beers-gebou gebring, waar sy versameling vlugtige olies uit allerhande plante gestook, vandag nog bewaar word. Miskien kry een van vandag se geleerdes in die De Beers-gebou dit in sy kop om oubaas Fenol se olies met die duur apparate – gaschromatografie, die KMR-spektrometer en die massaspektrometer, by te dam.

Prof. Fenol was oor die 60 toe hy sy eerste motor gekoop het. Dr. Sarel sê toe vir hom hy gaan mense doodry, waarop oubaas Fenol antwoord: „I have been dodging them for many years, now its time they start dodging me". Kort na die Van Riebeeck-fees is dr. Van der Riet op 85 jarige leeftyd skielik oorlede. Tot met sy aftrede was elke Stellenbosse chemie-dosent 'n oud-student van prof. Van der Riet.

Dr. Joey Joubert het prof. Fenol in 1940 as professor in organiese chemie opgevolg, nadat hy die Universiteit toe reeds ongeveer 20 jaar as lektor en senior lektor gedien het. Hy is die enigste oorlewende van die oorspronklike vyf dosente wat in die De Beersgebou ingetrek het, en soos die vier wat reeds vooruitgegaan het, was hy 'n geliefde dosent en kollega. Mag hy in lewensjare al sy voorgangers oortref! In sy dienstyd het hy die chemie-departement sien groei, totdat dit noodsaaklik geword het om 'n gebou vir die eerstejaars op te rig. In 1956, toe alle eerstejaars vir laas in een laboratorium in die De Beers-gebou hulle chemie prakties moes doen, was daar ses seksies van sestig elk, vyf in die namiddae en een in die oggend.

Die eerste uitbreiding van chemie-personeel het in 1934 gekom, toe 'n dosent in Biochemie aangestel is. Vanaf 1942 het die personeel vinnig vermeerder, sodat die doserende personeel nou 21 tel. Die De Beersgebou huisves nog altyd die afdelings organies, fisies en biochemie, en die helfte van al die dosente geniet nog in die somer die koel atmosfeer in die oostervleuel. Hy huisves ook twee van die duurste apparate wat nie gehuur word nie, nl. die kernmagnetiese resonansiespektrometer en die massaspektrometer. Ander multiduisend-rand apparate wat hier gehuisves word, is die preparatiewe ultrasentrifuge met analitiese toevoeging, die Beckman-vloeistofsintillasieteller vir ondersoeke met radio-aktiewe spoorders, van die beste gaschromatografe, asook ultraviolet- en infrarooi-spektrofotometers.

Vir feitlik al hierdie apparate moes daar spesiale tuistes verskaf word. In die vertrek wat eenkeer die donkerkamer was, staan nou die KMR – 'n spesiale skenking van die Mielieraad. Waar die rakke met chemie-tydskrifte eenmaal gestaan het, staan die massaspektrometer. In die suidhoek, agter 'n afskorting staan die vloeistofsintillasieteller. Waar die eerstejaar-



Front van die De Beers-gebou, met GEMIE *bokant die deur.*

skaalkamer vroeër was, staan nou 'n halfdosyn gaschromatografwe, en wat in die beginjare die twee eerstejaarslaboratoria was, is nou nagraadse laboratoria. Die De Beers-gebou het voorwaar in sy hart baie veranderinge ondergaan, en die „winde van verandering" het seker nog nie klaar gewaai nie.

Die huidige personeel beplan om die 50ste verjaardag van die De Beers-gebou teen die einde van 1972 feestelik te herdenk, hopelik met 'n dinee in een van die fisiese chemie laboratoria. Hulle het in 1971 'n oefenlopie gehou, en dit was nie sommer so 'n gebeurtenis nie!

PROFF. J. H. BARNARD EN M. J. DE VRIES

Mimi Marais – Een Uit die Geslag van Weldoensters

Op die aand van 28 April vanjaar is Mimi Marais stil – soos sy ook gelewe het – in die plaaslike hospitaal oorlede. Sy was 'n kleindogter van mnr. Pieter Johannes Marais, die vroeë eienaar van die plaas Coetzenburg waarop die Universiteit se sportkompleks geleë is.

Genoemde Pieter Marais het vyf seuns en twee dogters gehad. Met die ontdekking van diamante by Kimberley is vier van die seuns daarheen. Pieter het daar agtergebly, maar Jannie en Christiaan het as miljoenêrs teruggekeer. Christiaan het op sy landgoed te Nuweland gaan woon, maar Jannie het die nuwe eienaar van Coetzenburg geword. Ongelukkig het hy geen nakomelinge gehad nie.

Abraham, die oudste broer, het op die plaas Mostertsdrift, die ou bekende woonbuurt, gewoon. Hierdie Abraham se seun Piet Marais het die erfgenaam van Coetzenburg geword en dit is van hom dat die Universiteit die eiendom gekoop het. Hierdie Piet Marais was die broer van Mimi. Hy is enkele maande voor Mimi op sy plaas naby Hopetown oorlede. Piet Marais was getroud met 'n suster van „Oubaas Markotter" van rugbyfaam.

Op Mostertsdrift en Coetzenburg het die Maraisbroers die patrisiër boerelewe sonder vertoon voortgesit en vir die Afrikanersaak in die algemeen en vir Stellenbosch self veel gedoen. Hiervan getuig die standbeeld op die Jan Marais-plein van wyle *J. H. Marais, Ons Weldoener,* wat deur sy bydrae van £100 000 die stigting van die Universiteit van Stellenbosch moontlik gemaak het. Sy volkswerk gaan nog steeds voort o.a. deur sy twee stigtings: *Het Jan*

Marais Nationale Fonds en *Het Jan Marais Fonds.*

Die ander miljoenêr-broer, Christiaan, het op sy beurt die C. L. Marais-biblioteek aan die Universiteit geskenk. Vanweë die besondere boustyl en duursaamheid van die gebou is dit een van dié wat, met die Ou Hoofgebou, in die toekomstige beplanning van die Universiteit behoue sal bly. Die gebou is onlangs weer netjies opgeknap.

Die jong student, Mimi Marais, lid van die destydse Intermediate-klas van die Victoria-kollege, en tydgenoot van Paulus en Ella van Gas, Frikkie Meyer, Ernie Malherbe, Janie Nel, Eben Dönges, A. C. Cilliers, Vernon Brink, en andere, het haar saam met haar tydgenote ingespan om op alle denkbare maniere geld vir biblioteekgeriewe in te samel. As oud-Matie het sy later mild bygedra tot die meubilering van die Annexe van die Wetenskapgebou.

In haar stille gang het Mimi waardevolle Africana versamel en Afrikaanse kunsskilders geondersteun. Verrassend vir 'n dame in daardie dae was dat sy en haar susters Afrika, Europa en selfs die Verre Ooste deurreis het, selfs by tye in Parys en Wenen gewoon het en die respektiewelike tale magtig was.

Na die dood van haar ouers het Mimi en haar suster Christine, op Mostertsdrift bly woon, hoewel die woonbuurt Mostertsdrift toe reeds afgesny en onderverdeel was. Die Mostertsdrift-opstal, met sy ruim grond, is tans 'n historiese monument. Met Marais-groothartigheid is die grens van die opstal deur Mimi se moeder teruggestoot sodat daar vandag 'n ekstra stuk grond tussen die wit skeidingsmuur en die akkerboomlaning van Jonkershoekweg bestaan. Agter die wit muur het Mimi later haar pragtuin uitgelê.

Toe een na die ander distriksbank in duie gestort het, het die broers Marais nogmaals ingetree en deur ruime beleggings Stellenbosch se Distriksbank van ondergang gered. Jan Marais het ook reeds sy visie getoon toe hy met groot skenkings bygedra het tot die latere bou van die stadhuis en die daarstelling van die Marais-park wat aan Mostertsdrift grens.

Langs die Marais-park het die susters lank nederig en stil te midde van hulle kosbare besittings gewoon; liefde en vriendskap aan die dorpsbewoners, studente en hulle gekleurde werknemers betoon, en vele male beklemtoon hoe bevoorreg Stellenbossers is om in so 'n mooi land en dorp te woon.

M. H. CILLIERS

Mimi Marais as jong meisie.

Aanvullende Grade- en Diplomaplegtigheid 21 Junie 1972

Altesame sewentien grade en diplomas is op die aanvullende gradeplegtigheid van U.S. toegeken. Hiervan was twee doktorsgrade. Die grade is om 11 vm. in die Senaatsaal deur die Vise-kanselier, dr. J. S. Gericke, toegeken.

Dr. C. W. van Wyk het die graad Ph.D. in Odontologie met die proefskrif „Die ontwikkeling van die epiteel en keratien in die menslike mondholte: 'n histologiese, elektronmikroskopiese en histochemiese studie", verwerf.

Dit is die eerste keer dat 'n Ph.D. in Odontologie aan 'n Suid-Afrikaanse Universiteit toegeken is. Daarby is dit ook die eerste keer dat 'n doktorsgraad in tandheelkundige wetenskap verwerf word met 'n proefskrif wat in Afrikaans geskryf is, en ook die eerste graad wat deur die jongste fakulteit van die Universiteit van Stellenbosch, Tandheelkunde, toegeken is.

Dr. Van Wyk het in 1949 aan die Hoërskool Louis Trichardt gematrikuleer en die graad B.Ch.D. in 1954 aan die Universiteit van Pretoria verwerf. Dr. Van Wyk was dosent in mondpatologie aan die Universiteit van Pretoria, senior lektor en senior tandarts in die departement van mondpatologie aan Wits en geregtelike tandarts van die Suid-Afrikaanse Polisie. In 1970 is hy aangestel as hoof van die departement van mondpatologie in die fakulteit van Tandheelkunde aan U.S.

Daar het reeds 35 artikels deur hom in wetenskaplike publikasies verskyn. Hy het verskeie kere met beurse en toekennings oorsee gestudeer. Prof H. W. Weber van die departement anatomiese patologie van die fakulteit van Tandheelkunde aan U.S. was dr. Van Wyk se promotor.

Dr. Matthews Gerhardus Lötter het die graad Ph.D. in Geneeskundige Wetenskap met die proefskrif „Ondersoek na die Digitale dataverwerking by Flikker-

Dr. C. W. van Wyk

Dr. M. G. Lötter

Prof. A. Schoeman



grafiek" ontvang. Sy promotor was dr. P. L. M. le Roux van die Hospitaal Groote Schuur.

Dr. Lötter wat 'n oud-leerling van die Hoërskool Philippolis en Grey-kollege in Bloemfontein is, het die graad B.Sc. honneurs in 1962 aan U.S. verwerf. Nadat hy as geneeskundige fisikus by die Addingtonse hospitaal opgelei was, het hy in Brittanje gaan werk om ondervinding op te doen in geneeskundige fisika. In 1967 is hy aangestel as hospitaalfisikus by die Karl Bremer-hospitaal en U.S. In dieselfde jaar het hy die graad M.Sc. verwerf. In 1972 is hy aangestel as hoofvakkundige beampte en senior lektor in die biofisikadepartement van U.O.V.S. Daar het reeds twaalf publikasies uit sy pen of in medewerking met iemand anders verskyn.

Aanstellings en Bevorderings

Professore

Prof. A. Schoeman is met ingang 1 Julie 1972 aangestel as hoogleraar in Wiskundige Statistiek.

Prof. Schoeman, wat voorheen senior lektor aan U.S. was, het sy skoolopleiding aan die Hoërskool Bellville ontvang waarna hy verder aan U.S. gestudeer het. Hy het agtereenvolgens die grade Hons.-B.Comm. (cum laude), M.Comm. (cum laude) en D.Comm. behaal. In 1966 het hy op 'n proefskrif wat handel oor die statistiese vergelyking van die relatiewe sensiwiteite van verskillende metings- en toetsingsmetodes gepromoveer.

Prof. Schoeman is getroud met mej. Lydia du Toit van Hanover. Sy is ook 'n oud-Matie en is tans besig met haar M.A.-graad in Sielkunde. Die egpaar het twee kinders.

Dr. F. X. Prins is met ingang 1 Januarie 1973 aangestel as professor in en hoof van die Departement van Herstellende Tandheelkunde aan die Fakulteit van Tandheelkunde.

Prof. Prins is op 7 Maart 1924 naby Durbanville gebore. Sy skoolopleiding het hy aan die Laerskool Vlaeberg en die Hoër Jongenskool op Stellenbosch ontvang. Aan die Universiteit van Stellenbosch het hy in 1946 die graad B.Sc. en in 1949 die graad M.Sc.

Dr. F. X. Prins

Dr. J. J. de Villiers



Mnr. I. J. Mouton



(Dierkunde) behaal. Verder het hy die graad B.Ch.D. aan die Universiteit van Pretoria (1956), met onderskeiding in Herstellende Tandheelkunde en in 1962 die H.D.D., R.F.P.S. aan die Universiteit van Glasgow behaal.

In 1947 is hy aangestel as Assistent-Vakkundige beampte by Jonkershoek se visteelstasie; in 1950 as lektor in Dierkunde aan die Potchefstroomse Universiteit en in 1952 as lektor in Dierkunde aan die Universiteit Pretoria. Na voltooiing van sy studies in Tandheelkunde is hy in 1957 as lektor in die Fakulteit van Tandheelkunde aan die Universiteit van Pretoria aangestel. In 1963 is hy bevorder tot senior lektor en in 1969 tot professor in en hoof van die Departement van Endodonsie en Okklusale Rehabilitasie.

Prof. Prins is getroud met mej. Elizabeth Botha van Adelaide en het drie seuns en 'n dogter. Hy dien in talle professionele verenigings en is lid van die Spesifikasiekomitee van die S.A.B.S.

Dr. J. J. de Villiers, senior lektor in Maatskaplike Werk, is met ingang 1 Januarie 1973 bevorder tot professor in Maatskaplike Werk. Dr. De Villiers volg prof. Erika Theron op wat aan die einde van die jaar aftree.

Dr. De Villiers het aan die Universiteit van Stellenbosch die grade B.A. in M.W. (1945), M.A. in M.W. (1948) en D.Phil. in M.W. (1956) behaal. In 1947 is hy aangestel as junior lektor in Maatskaplike Werk en is agtereenvolgens in 1950 bevorder tot lektor en in 1964 tot senior lektor.

Dr. De Villiers is tans lid van die bestuur van die Maatskaplike Werkersvereniging (tak Wes-Kaapland), vise-voorsitter van die Bestuursraad van De Novo-Rehabilitasiesentra vir kleurlingmans en -vroue te Kraaifontein, en bestuurslid van die Kaapse Skiereilandse Welsynsorganisasie vir bejaardes.

Hy is ook skrywer van etlike werke op sy vakgebied, o.a. die volgende in medewerking met prof. Erika Theron, nl. *Welsynswerk met Gestremdes, en Maatskaplike Aspekte van Siekte en Gesondheid.*

Dr. H. R. Kussler is met ingang 1 Januarie 1973 bevorder tot professor in Duits. Hy volg prof. G. P. J. Trümpelmann op wat aan die einde van vanjaar aftree.

Dr. Kussler, wat 28 jaar oud is, het al sy grade, cum laude, aan die Universiteit behaal, nl. die B.A. (1965), Hons.-B.A. (1966), M.A. (1967) en D.Litt. (1969).

Dr. Kussler wat in Duitsland gebore is, het vanaf 1954 tot 1969 in Windhoek gewoon waar hy onderwys gegee het. In 1969 is hy aangestel as lektor in Duits aan U.S. en in 1971 is hy bevorder tot senior lektor.

VERLENGING VAN DIENSTYD

Die Senaat en die Raad het akkoord gegaan met die aanbeveling van die Kuratorium dat die dienstyd van die volgende professore van die Kweekskool vir 'n verdere jaar (1973) verleng word:

Prof. T. N. Hanekom
Prof. J. J. Muller
Prof. W. J. van der Merwe

Mnr. D. J. M. van Eijk, senior administratiewe beampte in die Inkoopafdeling van die Universiteit, is met ingang 1 Julie 1972 bevorder tot hoof van die Inkoopafdeling.

Mnr. W. F. Kilian, voorheen navorsingsbeampte by die Buro vir Ekonomiese Ondersoek, is met ingang 1 April 1972 bevorder tot senior navorsingsbeampte.

Mnr. I. J. Mouton, is met ingang 1 Augustus 1972 aangestel as Ontwikkelingsbeampte in die Departement van Ontwikkeling. Mnr. Mouton het in 1961 die graad B.Comm. en in 1962 die Sekondêre Onderwysersdiploma aan U.S. verwerf. In 1966 het hy die graad Hons.-B.Comm. aan Unisa behaal. Mnr. Mouton was eers sekondêre assistent aan die Hoër Handelskool Worcester en daarna lektor aan die Skiereilandse Tegniese Kollege (Bellville-Suid). Sedert 1969 was hy verbonde aan 'n bougenootskap in Bellville.

Mnr. E. P. S. Taljaard is met ingang 1 Junie 1972 aangestel as senior lektor in Parke- en Ontspanningsadministrasie.

Mnr. D. J. van Walsem is benoem as waarnemende hoof van die Buro vir Ekonomiese Ondersoek tydens die afwesigheid van mnr. A. J. M. de Vries.

Mnr. P. J. Lor tans junior lektor in Biblioteekkunde, is met ingang 1 Oktober 1972 bevorder tot lektor in Biblioteekkunde.

Mnr. P. S. Burger, administratiewe beampte in die Inkoopafdeling, is met ingang 1 Julie 1972 aangestel as senior administratiewe beampte in dieselfde afdeling.

Mnr. S. G. Hugo, is met ingang 1 Julie 1972 aangestel as krieketafrigter in die Afdeling Sport.

Skenkings

Mev. Katy Krige laat R70 000 na aan U.S.

Wyle mev. C. E. Krige, voorheen mej. Katy Swart van Humansdorp, was die eggenote van dr. Leopold Jacobus Krige wat sy B.A.-graad aan U.S. en die Ph.D.-graad te Zurich verwerf het. Dr. Krige was die broer van wyle mev. Issy Smuts, die eggenote van genl. J. C. Smuts, en was dus lid van die bekende Stellenbosse Krige-familie. Hy is in 1965 oorlede.

Die bemaking is deur dr. en mev. Krige gesamentlik beplan. Die Rektor het namens U.S. sy hoogste dank en waardering aan die naasbestaandes, mnr. J. D. Krige (broerskind) en mev. S. M. Coaton (susterskind) betuig. Die geld moet vir suiwer geneeskundige navorsing aangewend word.



SANLAM MAAK R50 000 VOL

Mnr. Jack van Wyk (links), hoofbestuurder van Sanlam, oorhandig 'n tjek vir R10 000 aan prof. A. J. Brink, dekaan van die Fakulteit van Geneeskunde van U.S. Dit is die laaste paaiement van 'n totale skenking van R50 000 vir geneeskundige navorsing.

DIE STANDARD BANK SE BYDRAE

Mnr. Vincent de Villiers, senior hoofbestuurder van die Standard Bank van S.A., het op 9 Augustus vanjaar 'n tjek van R4 000 aan die Rektor oorhandig. Die Bank het nou sedert 1962 'n bedrag van R24 000 aan die Universiteit geskenk.

Mnr. Vincent de Villiers (regs) oorhandig die tjek aan prof. J. N. de Villiers (Rektor) in laasgenoemde se kantoor.



SKENKING DEUR UNITED BOUVERENIGING

Op 20 Julie het mnr. C. P. van der Merwe, bestuurder van die plaaslike takkantoor van die United Bouvereniging, 'n tjek van R3 000 aan mnr. P. J. Lombard (regs), Direkteur van Ontwikkeling van U.S., ten behoewe van die universiteit oorhandig.

CALTEX SE SKENKING

Mnr. E. J. Manchip, Takbestuurder van Caltex Olie (S.A.) Bpk., (links op foto) oorhandig 'n tjek, ter waarde van R2 000, namens sy maatskappy aan mnr. P. J. Lombard, Direkteur van Ontwikkeling van die Universiteit. Hierdie bydrae bring Caltex se totale skenking op 'n bedrag van R15 000 te staan.



NAVORSING IN DIE FAKULTEIT GENEESKUNDE

In Julie het mnr. C. P. van der Merwe namens Die Ou Mutual 'n tjek van R5 000 aan die Rektor oorhandig. Dit is die derde paaiement van 'n skenking van R25 000 vir geneeskundige navorsing. In feitlik elkeen van die 28 departemente van die fakulteit word aan navorsingsprojekte oor uiteenlopende siektetoestande gewerk. In sommige departemente is soveel as 27 projekte aan die gang. Die werk wat met bobbejane gedoen word, het reeds wye publisiteit geniet.

L.n.r.: Mnr. C. P. van der Merwe prof. J. N. de Villiers, mnr. B. Bode, mnr. P. J. Lombard en mnr. J. F. Rauch.



ROYAL MELKERY SE ONDERSTEUNING

In September vanjaar het mnr. Maarten Henning, hoofbestuurder van die Royal Melkery Bpk., 'n tjek vir R1 500 aan die Rektor, prof. J. N. de Villiers (regs), ten bate van U.S. oorhandig.

DIE LIBER FLORIDUS

'n Faksimilee-eksemplaar van 'n beroemde middeleeuse ensiklopedie in Latyn is in September in die Africana-kamer van U.S. deur die Belgiese Konsul-generaal, dr. F. V. de Wilde, aan die Rektor van die Universiteit oorhandig.

Die ensiklopedie is een van die boeke wat deur die Belgiese Regering aan U.S. geskenk is. Die ensiklopedie, Liber Floridus – letterlik beteken dit *blomryke boek* – is deur Lambert van Sint-Omaars geskryf en in die jaar 1120 voltooi. Dit is 'n ryklik geïllustreerde ensiklopedie van die kennis van daardie tyd. Veral die geskiedenis, aardrykskunde, sterrekunde en natuurwetenskappe kry daarin groot aandag.

Die oorspronklike handskrif het bewaar gebly en is tans in die besit van die Rijkuniversiteit van Gent. 'n Aantal faksimilee-afdrukke van die beroemde werk is in 1968 gemaak en die eksemplaar wat aan die Universiteit van Stellenbosch geskenk is, is een daarvan.

L.n.r.: Mnr. F. du Plessis (Bibliotekaris), prof. J. N. de Villiers (Rektor), prof. D. J. Kotzé (Geskiedenis) en dr. F. V. de Wilde met die Liber Floridus.

Ter Ere van

PROF. ERIKA THERON, M.A., D.PHIL.
(STELL.)

Prof. Erika Theron, hoogleraar in Maatskaplike Werk, is op 17 Mei 1907 in Tulbagh gebore waar sy ook skoolgegaan het. Sy het die grade B.A., M.A. (Ekonomie) en D.Phil. aan die Universiteit van Stellenbosch behaal. Op 1 Januarie 1937 is sy as lektrise in die Departement Sosiologie en Maatskaplike Werk aangestel. Op 1 April 1955 is sy tot professor in Sosiologie en Maatskaplike Werk bevorder. Met haar aanstelling het sy die derde vroulike professor geword wat by die Universiteit aangestel is. Haar voorgangsters was prof. Lydia van Niekerk en prof. M. Fismer.

Prof. Theron het ook etlike jare in die Stadsraad van Stellenbosch gedien en was ook burgemeesteres.

Prof. Theron is o.a. lid van die Nasionale Welsynsraad, Voorsitster van die Kommissie van Welsynsbeplanning, Voorsitster van die Streekwelsynsraad van Wes-Kaapland, lid van die Nasionale Behuisingskomitee, Raadslid van die Universiteit van Wes-Kaapland, lid van die Groepsgebiederaad, en lid van die Uit-

Prof. Erika Theron

Prof. J. C. de Wet

voerende Komitee van die International Association of Schools of Social Work.

By haar aftrede sal haar vrugbare dienstermyn oor 36 jaar strek. Die Erepenning vir Maatskaplike Welsynsbevordering is deur die S.A. Akademie op 16 September vanjaar aan haar toegeken.

PROF. J. C. DE WET, LL.D. (STELL.), LL.D. (LEIDEN), LL.D. (H. C.) (KAAPSTAD)

Prof. J. C. de Wet is op 13 Oktober 1912 te Zastron gebore en het op Maclear skoolgegaan. Aan die Universiteit van Stellenbosch het hy die grade B.A. (cum laude) 1933, LL.B. (cum laude) 1935 en LL.D. 1938 behaal. Op 1 Januarie 1936 is hy as senior lektor in die Fakulteit van Regsgeleerdheid aangestel en op 1 Januarie 1942 is hy bevorder tot professor. In 1940 het hy sy tweede doktorsgraad, LL.D. (cum laude), aan die Universiteit van Leiden behaal. Die Universiteit van Kaapstad het sewe jaar gelede aan hom 'n eredoktorsgraad in die Regte toegeken.

Prof. De Wet is medeskrywer van twee bekende standaardwerke nl. „Die Suid-Afrikaanse Kontrakte-reg en Handelsreg", saam met prof. J. P. Yeats en „Suid-Afrikaanse Strafreg" saam met wyle prof. H. L. Swanepoel.

Prof. De Wet het sedert 1947 tot 1972 (d.w.s. vir 25 jaar) onafgebroke in die stadsraad van Stellenbosch gedien. Vanaf September 1968 tot September 1970 was hy burgemeester. In 1948 is hy as lid van die Regshersieningskommissie van die Departement van Justisie, waarin hy nog steeds dien, aangestel. Hy is ook sedert 1943 lid van die redaksiekomitee van die tydskrif „Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg". Hy het die afgelope agt jaar in die Raad van die Universiteit gedien en was vir verskillende termyne ook Dekaan van die Fakulteit van Regsgeleerdheid.

BEKRONINGS DEUR DIE S.A. AKADEMIE OP STELLENBOSCH

Op Saterdag, 16 September 1972, het 'n waardige bekroningsplegtigheid in die H. B. Thom-teater plaasgevind.

L.n.r.: Dr. P. A. Weber, mnr. Uys Krige, prof. Erika Theron en mnr. Recht Malan.

L.n.r.: Prof. Barnard geniet die blye oomblik wanneer prof. Smit Suid-Afrika *aan prof. Nel oorhandig.*

Mnr. H. Recht Malan het die D. F. Malan-medalje vir 1972 uit die hand van mev. Maria Malan ontvang. Die huldigingswoord is deur prof. H. B. Thom gelewer.

Dr. P. A. Weber was die ontvanger van die Markus Viljoen-medalje vir 1971. Die huldigingswoord, opgestel deur. dr. L. W. Hiemstra, is deur mnr. D. J. van Niekerk voorgedra.

Prof. Erika Theron, wie se huldigingswoord deur prof. J. N. de Villiers voorgedra was, het die Erepenning vir Maatskaplike Welsynsbevordering (1972) ontvang.

Mnr. Uys Krige het die Akademieprys vir Drama (1972) ontvang. Prof. W. E. G. Louw het die huldigingswoord, deur prof. Rob Antonissen, voorgelees.

Mej. Anna Rothmann is vereer met die Scheepersprys vir Jeuglektuur (1972). Die huldigingswoord is deur mev. Audrey de Villiers gelewer. Weens die afwesigheid van mej. Rothmann het haar vriendin, mev. Alba Coetzee, die prys namens haar ontvang.

DRIE PROFESSORE VEREER HUL MENTOR

Professore Barnie Barnard (Dept. van Aardrykskunde, U.S.) Flip Smit (Dept. Aardrykskunde, Unisa) en Koos van Zyl (Dept. Aardrykskunde, Wes-Kaap), die gesamentlike outeurs van *Suid-Afrika: Die Land en sy Streke,* is al drie oud-studente van prof. Andries Nel (Dept. van Aardrykskunde, U.S.). Die drie outeurs het die boek aan prof. Nel, hulle mentor, opgedra.

Hierdie aardrykskundeboek maak geskiedenis want dit is die eerste boek in Afrikaans wat 'n omvattende beskrywing van die streekaardrykskunde van Suid-Afrika bied. Soos te verwagte het 'n standaardwerk uit die penne van hierdie ervare geograwe gevloei.

Kursusse

Nuwe Grade in Onderwys — Primêr en Sekondêr

H.P.O.D. VERDWYN

'n Vierjarige graadkursus in Primêre Onderwys word met ingang 1973 aan U.S. ingestel.

Prof. P. S. du Toit, dekaan van die Fakulteit van Opvoedkunde aan die Universiteit van Stellenbosch, wys daarop dat die uitbreiding van vakkennis en die instelling van gedifferensieerde onderwys in 1974 in toenemende mate laerskoolonderwysers sal vereis wat in die basiese vakke, asook in besondere vakgebiede beter toegerus is. Dit sal ook bydra tot 'n groter status vir die laerskoolonderwyser in die onderwysberoep.

Soos by alle grade sal 'n matrikulasiesertifikaat of 'n vrystellingsertifikaat van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad 'n voorvereiste vir toelating wees. Al die basiese skoolvakke – Afrikaans, Engels, Natuurwetenskap, Wiskunde, Geskiedenis, Geografie – kom in die eerste twee jaar aan die beurt, terwyl daar in die derde en in die vierde jaar 'n mate van spesialisasie, gemik op voorbereiding vir vakonderwys in die hoogste klasse van die Primêre Skool, sal wees. Vier van die vakke loop deur tot in die derde jaar en twee tot in die vierde jaar. Die opvoedkunde as vak sal enduit deel van die kursus wees.

Parallel hiermee sal 'n kursus wat lei tot 'n graad in Primêre Onderwys, met Liggaamlike Opvoedkunde as een van die hoofvakke, aangebied word. In hierdie kursus sal Liggaamlike Opvoedkunde van die eerste jaar af in die plek van twee van die basiese skoolvakke kom. Die twee amptelike tale loop deur tot in die derde jaar en een van die twee tot in die vierde jaar. Die hoofvakke in die vierde jaar sal dus Opvoedkunde, Liggaamlike Opvoedkunde en 'n amptelike taal wees.

Die instelling van 'n graadkursus in die Primêre Onderwys met Skoolmusiek as een van die hoofvakke, word ook vir ingang 1973 oorweeg. Dit sal op dieselfde patroon as die kursus met Liggaamlike Opvoeding as hoofvak aangebied word.

Voornemende studente kan by die Onderwysdepartement aansoek doen om studiebeurse vir die volle tydperk, soos van toepassing in die geval van graadstudente.

Die B.-graad in Primêre Onderwys lei onder die gewone voorwaardes wat deur die Universiteit bepaal is, tot die studie vir die graad B.Ed. en uiteindelik ook tot die grade M.Ed. en D.Ed.

Prof. Bun Booyens betrap waar hy informele naslaanwerk in die Africana-kamer doen! O Tempora!



Die driejarige H.P.O.D.-kursus sal met ingang 1973 nie langer aan U.S. aangebied word nie.

Verdere besonderhede in verband met die B.-graad in Primêre Onderwys kan van die Registrateur (Akademies), Universiteit van Stellenbosch, verkry word.

SIELKUNDE

Die Raad het goedgekeur dat met ingang 1972 die volgende kursusse ingestel word :

Tot die *M.A.-kursus (Voorligtingsielkunde)* word toegelaat studente wat in besit is van 'n Honneurs B.A.-graad met Voorligtingsielkunde en wat reeds in 'n betrekking staan waar hulle sielkundige voorligtingswerk verrig, soos diensdoende skoolsielkundiges, sielkundiges in die Departement van Arbeid en in Maatskaplike Dienste.

Tot die *M.A.-kursus (Kliniese Sielkunde)* word toegelaat studente wat in besit is van 'n Honneurs B.A.-graad van hierdie Universiteit.

Tot die *M.Sc.-kursus (Voorligtingsielkunde)* word toegelaat studente wat in besit is van 'n Honneurs B.Sc.-graad met Voorligtingsielkunde en wat reeds in 'n betrekking staan waar hulle sielkundige voorligtingswerk verrig, soos diensdoende skoolsielkundiges, sielkundiges in die Departement van Arbeid, in Maatskaplike Dienste (Volkswelsyn, A.C.V.V., ens.).

Tot die *M.Sc.-kursus (Kliniese Sielkunde)* word toegelaat studente wat in besit van 'n Honneurs B.Sc.-graad van hierdie Universiteit is.

Vir al vier bogemelde kursusse moet skriftelik aansoek om toelating gedoen word.

AFRIKA-STUDIE

Met ingang 1973 sal Afrika-Studie 'n volwaardige hoofstudierigting vir die Hons. B.A., M.A., en D.Phil-kursusse wees.

GEOCHEMIE

Die Raad het goedkeuring verleen aan die instelling van *Geochemie* as vak, met ingang 1973. Dit val onder die departement van Geologie.

Ons kennis van die distribusie van die elemente en van die chemiese prosesse wat in en op die aarde plaasvind, het sedert die algemene beskikbaarheid van sensitiewe analise-apparaat fenomenaal toegeneem. Inderdaad staan die geochemie vandag op die voorfront van sulke uiteenlopende ontwikkelinge in die aardwetenskap soos die studie van die herkoms van die lewe, van die aarde, maan en planete, van singenetiese ertsafsettings, magmatiese gesteentes en gesteentemetamorfose. Geen universiteit kan bekostig om op al hierdie terreine agter te bly nie.

Geochemie is fundamenteel ten opsigte van die moderne benadering tot mineralogie en petrologie en verdien dus meer aandag in die voorgraadse opleiding as wat tans die geval is.

INDIENSOPLEIDINGSKURSUSSE

Februarie 1973: Diamantgradering

'n Diamantgraderingskursus, o.a. om die Gemmologiekursus bekend te stel. Belangstellendes moet asseblief die Registrateur (Akademies) skakel.

PARKE EN ONTSPANNING

'n Graadkursus in Parke- en Ontspanningsadministrasie word van 1973 af vir die eerste keer in S.A. aan U.S. aangebied. Dit spruit uit die ruim behoefte aan opgeleide mense om die nodige parke en ontspanningsgeriewe te ontwikkel. Die kursus sterk oor vier jaar en lei tot die graad B.Sc.

Die drie hoofvakke is Openbare Administrasie, Siertuinboukunde en Blomverbouing, en Opelug-ontspanning. Parke en Ontspanning bied 'n uitstekende toekoms aan die persoon wat hou van die buiteluglewe. Die belangrikste werkgewer vir hierdie gegradueerdes is die plaaslike besture van ons groter dorpe en stede.

BOSBOUERS LEWER REFERATE IN BUITELAND

Dr. C. L. Wicht, Professor van Boskultuur aan U.S., het in September in Argentinië, 'n referaat oor wateropvanggebiedbestuur by die Sewende Wêreldbosboukongres in Buenos Aires gelewer. Hierdie referaat is in Engels, Frans en Spaans voorgelê, en het as grondslag vir bespreking van hierdie onderwerp gedien. Prof. Wicht, wat al 35 jaar lank navorsing oor wateropvangbestuur doen, het die navorsingstasie by Jonkershoek in 1935 gestig, en was later verantwoordelik vir die instelling van ander soortgelyke stasies elders in die land.

Die Bosboufakulteit van U.S. is by die kongres in Buenos Aires deur nog twee referate verteenwoordig, naamlik een oor „Die stabiliteit en duursaamheid van dennehout in koel en in warm klimate gekweek" van prof. K. Borgin, en 'n ander oor die „Evaluasie van Openbare Beleggings in Bosbou" deur dr. M. Grut.

Ten einde te verseker dat die bejaardes van ons tyd so lank as moontlik liggaamlik en geestelik aktief bly en ook dat hulle op 'n hoë ouderdom steeds onafhanklik en selfstandig bly, het die Departement Fisioterapie van die Fakulteit van Geneeskunde reeds in Maart vanjaar besluit om een maal per week in Huis Martina – 'n tehuis vir bejaardes in Tiervlei – gimnastiekklasse aan te bied. Hierdie diens aan die medemens is moontlik gemaak met die samewerking van prof. C. L. Wicht, hoof van die Departement Omvattende Geneeskunde, wat 'n groot bydrae in hierdie verband gelewer het.

Twee halfuurklasse word per week aangebied en word deur twee studente onder toesig van 'n opgeleide fisioterapeut behartig. Hierdie ondervinding verseker dat die studente in fisioterapie die nodige kliniese onderrig ontvang wat vir hul van onskatbare waarde is, veral omdat daar in die toekoms moontlik meer bejaardes sal wees en daar dus 'n groter aanvraag vir hierdie soort diens sal wees. In die begin was dit iets vreemds vir die bejaardes, maar die belangstelling neem steeds toe en by elke klas word nuwe gesigte opgemerk. *(Mej.) M. J. Runnals*

Die klas is nie meer so soepel nie, maar baie gewillig.

Bestuurskool Pas Kursusse aan by Praktyk

Die woord „Bestuur" het 'n veel breër betekenis as dié van sakebestuur alleen. Sodra enige professionele persoon, in welke beroep ook al, vorder tot die posisie waar hy met mense en met fondse moet werk, is hy in 'n bestuursposisie. Dit is dus gewoonlik die geval dat des te beter enige vakman in sy eie veld is, des te gouer word hy tot 'n bestuurspos bevorder.

Bestuursopleiding is dus baie belangrik, maar die professionele bestuursopleiding wat tans bestaan, word gekenmerk deur 'n internasionale tendens van kritiek

ten opsigte van die wyse van opleiding asook van die finale produk. Dit word bestempel as te teoreties; te veel gemik op groot ondernemings en van te min praktiese waarde vir kleiner besighede, of om besigheids- en ondernemingsgees te ontwikkel.

'n Ander punt van kritiek is dat dit wél leer om probleme te ontleed, maar nie om oplossings doeltreffend toegepas en uitgevoer te kry nie. In Suid-Afrika kom daarby nog die beswaar dat dit in 'n groot mate op oorsese omstandighede gemik is en nie genoeg op ons plaaslike toestande betrekking het nie. Hierdie kritiek is oor die algemeen geregverdig.

Die Stellenbosse Bestuurskool se standpunt in hierdie verband is om die kritiek te omskep in 'n positiewe benadering, en daar is hierdie jaar, na diepgaande gedagtewisselinge, betekenisvolle vergaderings in die samestelling van die programme sowel as in die wyse waarop die kursusse gedoseer sal word. Die resultaat is 'n reeks kursusse wat ontwerp is om van direkte praktiese waarde te wees in die realiteit van die Suid-Afrikaanse besigheidswêreld vir die jong, ambisieuse mans en dames wat die meeste van hul talente en loopbane wil maak.

Hierdie veranderende benaderingswyse en kursusinhoude is reeds met talle van die mees vooraanstaande sakelui in Suid-Afrika bespreek en het deurgaans baie entoesiastiese ontvangs en kommentaar geniet.

Die eerste fase van die kursus, wat lei tot die verkryging van die Hons.-B. (B. & A.)-graad, word te Bellville aangebied en is uniek omdat dit die enigste program van sy soort in Suid-Afrika is, wat beide vir vol- en deeltydse studente gelyktydig voorsiening maak. Die duur van die voltydse program is een jaar en van die deeltydse program twee jaar. Dit bevat die volgende vakke :

1. Algemene Bestuur en Beleid
2. Bemarkingsbestuur
3. Finansiële Bestuur
4. Produksiebestuur
5. Informasiebestuur
6. Personeelbestuur
7. Menslike Verhoudinge
8. Suid-Afrikaanse Besigheids- en Besigheidsbestuurspraktyke
9. Bestuursrekeningkunde
10. Bestuursekonomie
11. Handels- en Maatskappyreg
12. Belasting
13. Kwantitatiewe Metodes
14. Ondersoek-metodiek en die Skryf van Verslae

Sowel mans as dames van bo-gemiddelde bekwaamheid en motivering word tot die Hons.-B. (B. & A.)-kursus toegelaat. In die algemeen word net persone met ten minste enkele jare van praktiese ervaring vir toelating oorweeg, maar uitstaande graduandi word ook in aanmerking geneem. Kandidate wat nie gegradueer is nie, maar bewys van hoogstaande bekwaamheid gelewer het, kan ná toelating, vir die Diploma B. (B. & A.) inskryf.

Die tweede fase van die kursus behels die verkryging van die M.B.A.-graad. Aan die vereistes van hierdie kursus kan op twee maniere voldoen word :

(a) deur die skryf van 'n tesis oor 'n goedgekeurde besigheids- of besigheidsbestuuronderwerp, of
(b) deur die suksesvolle voltooiing van 'n gevorderde studieprogram wat drie van die bogenoemde studierigtings insluit. Die duur van lesings vir hierdie program is ten minste ses maande op 'n voltydse basis.

Die finale fase, vir diegene wat belangstel, is die verkryging van die D.B.A.-graad. Hierdie studie is bedoel vir persone wat hulle op die allerhoogste vlak wil bekwaam as spesialiste in een van die bestuursrigtings. Die kandidaat moet 'n proefskrif voltooi wat 'n we-

Mnr. Tijmens (regs) oorhandig die plaket aan prof. Jordaan.

sentlike bydrae lewer tot die kennis van een van die aspekte van bestuurswese.

Afgesien van hierdie kursusse, bied die Bestuurskool ook kort kursusse aan vir sakemanne of besigheidsorganisasies soos dit van tyd tot tyd beplan en benodig word. Die Bestuurskool stel hom dus ten doel om op alle bestuursvelde aan die steeds veranderende behoeftes van die Suid-Afrikaanse bestuurswese so doeltreffend moontlik te voldoen.

PLAKET TER ERE VAN GREGOR MENDEL

Tydens 'n onlangse besoek aan Japan deur mnr. W. J. Tijmens, kurator van die Hortus Botanicus van U.S., is 'n besondere geskenk aan hom gegee om terug te bring na die Universiteit.

Prof. Norio Kondo, van die Universiteit van Tokio, het 'n plaket wat in 1965 uitgegee is tydens die 100-jarige herdenking van die publikasie van die eerste resultate van die genetiese wette deur Gregor Mendel, aan mnr. Tijmens oorhandig. Behalwe hierdie plaket wat tydens 'n plegtigheid aan prof. P. G. Jordaan, hoof van die Departement van Botanie, oorhandig is vir bewaring in sy departement, is daar tans net twee ander uitgegee waarvan die een in Tokio en die ander in Budapest is.

Prof. Norio Kondo het 'n besondere sagte plek vir Suid-Afrika en in die besonder vir Stellenbosch. Hy het in 1961 as leier van 'n natuurwetenskaplike ekspedisie Suid-Afrika en Stellenbosch besoek.

Prof. Kondo stuur 'n nagraadse student, mnr. Kyoichi Ogawa, na Stellenbosch om Suid-Afrikaanse plante te bestudeer. Hy hoop om self ook hierheen te kom voordat die student in September 1973 na Japan terugkeer.

Prof. Kondo is verder ook gretig om Maties wat sitogenetika bestudeer, in sy inrigting te ontvang en sal probeer om finansiële hulp vir sodanige studente te kry.

NATUURBEWARING

Dr. R. C. Bigalke, professor in Natuurbewaring aan die Bosboufakulteit van U.S. het 'n vergadering van die St. Lucia Wetenskaplike Adviesraad in Pietermaritzburg in September bygewoon. Probleme insake die bestuur en bewaring van die St. Lucia-meer is bespreek.

WINTERSKOOL VIR SKOLIERE

Gedurende die Julievakansie vanjaar het 'n sestigtal skoliere van hoërskole oor die hele Wes-Kaapland 'n winterskool oor ingenieurswese by die Universiteit bygewoon. Op die foto verduidelik mnr. J. F. Uys (derde van links), senior lektor in elektrotegniese ingenieurswese, d.m.v. 'n katodestraalossilloskoop hoe 'n wisselstroomgenerator met die dorp se kragtoevoernet gesinchroniseer word.

Janet van Velden het self hierdie lugtige uitrusting gemaak. Koel bly manne! Die ring aan die vinger sê: Eiendoms Beperk!

HUISHOUDKUNDE SE SPOGDAG

Die Departement Huishoudkunde van U.S. hou elke jaar 'n ope dag wanneer die studente met hulle werk spog – en die dosente met hulle studente.

BOSBOUER OP STUDIETOER

Dr. D. G. M. Donald, senior lektor in Boskultuur aan die fakulteit van Bosbou van U.S. het op 27 Junie op 'n studietoer na Australië en Nieu-Seeland vertrek.

Hy sal 'n studie maak van die invloed van die omgewingsfaktore op die groei van radiata-den, van die afname in groei wat in die tweede geslag van denneplantasies in Australië waargeneem is, en van verskeie probleme in verband met bemesting in bosbou, kwekerye en boomveredeling. Sy vrou vergesel hom. Hulle keer in Desember oor Bangkok en Nairobi terug.

Die Manne Moet die Mure Wees

('n Spartaanse gesegde)

Toe die kommandant-generaal van die Weermag, adml. H. H. Biermann, op 29 September vir die eerste maal in sy nuwe hoedanigheid die Militêre Akademie se jaarlikse voorstellingsparade bygewoon het, was dit vir hom as vlootman seker besonder aangeneem om te verneem dat 'n jong adelbors ál sy leër- en lugmagmakkers uitgestof het in hul pas voltooide vormingskursus van ses maande. Die jongman aan wie die admiraal die gesogte Fase 11-trofee oorhandig het, is adel. J. E. (Koos) Louw, twintigjarige seun van mnr. en mev. H. Louw van Koperfontein. Koos, wat ook 'n geesdriftige rugbyspeler is, studeer tans vir die graad B.Mil. aan die Akademie.

Die heel belangrikste deelnemers aan die parade was egter nie Koos en sy 130 maats wat saam met hom hul vormingsopleiding voltooi het nie, maar wel die 35 Akademiestudente wat aan die einde van hul voltydse B.Mil.-studie gekom het. Uitblinker onder hulle was sonder twyfel die 24-jarige boerseun van Middelburg (Tvl.), lt. Roelf Strydom. Hy het nie net die Eresabel verower vir sy prestasies op akademiese gebied nie, maar was ook die wenner van die Genl. Beyerstrofee wat toegeken word aan die leërstudent wat die beste vaar in sy vormings- en akademiese opleiding tesame.

Die Ad Astra-trofee (vir die beste lugmagstudent) is deur adml. Biermann aan kandidaatoffisier R. C. Warncke oorhandig. Dick is nog maar twintig, maar dis reeds agttien jaar gelede dat hy as klein knapie vir die eerste maal saam met sy vader in dié se privaatvliegtuig die lugruim aangedurf het.

Onder-luitenant Pieter van Dyk is 21 jaar gelede in die distrik Brits gebore – baie ver van die see, maar darem heel naby die Hartbeespoortdam! Só lekker het hy op die water gebaljaar dat daar vir hom nooit enige twyfel oor 'n loopbaan bestaan het nie: matroos wou hy word. En hy hét. Eers vyftien maande op Gordonsbaai by die Vloctkollege, daarna dertig maande by die Akademie: en siedaar – Pieter word aangewys as die heel beste vlootstudent, wenner van die Vlootwisseltrofee.

KAPT. C. J. DE VILLIERS



L.n.r.: Dick Warncke, Roelf Strydom, Pieter van Dyk en Koos Louw.

MAJUBA WORD DAMESKOSHUIS

Weens die ernstige tekort aan huisvesting vir damestudente asook die feit dat boubeperkinge wat deur die Regering op koshuise geplaas is, is die oprigting van 'n nuwe koshuis vir damestudente voorlopig uitgestel. Die Universiteitsraad het dit goedgekeur dat Majuba, wat huisvesting aan 145 studente bied, met ingang 1973 omskep word tot 'n dameskoshuis.

Met die voltooiing van die nuwe koshuis vanjaar vir mans, wat 317 studente sal huisves, word die balans tussen die getalle van die dames en manstudente dus behou. Hierdie is slegs 'n tydelike reëling en sodra 'n nuwe dameskoshuis voltooi word, sal Majuba weer deur manstudente betrek word.

Oud-Maties

PROF. THOM ONTVANG NATALSE EREPENNING

Op 8 Augustus vanjaar het die Natalse Saamwerkunie aan prof. H. B. Thom 'n erepenning vir sy dienste aan die Afrikanervolk en Suid-Afrika oor die afgelope vyf dekades op haas elke terrein van die volkslewe toegeken. Die Staatspresident, dr. J. J. Fouché, het dit oorhandig.

OOM PIETIE L E ROUX NEGENTIG JAAR OUD

Op 17 Oktober het Oom Pietie van die Stellenbosse Boere-orkes faam, aan sy huis in Mostertsdrift, Stellenbosch, te midde van sy familie en talryke vriende sy negentigste verjaardag herdenk. Oom Pietie geniet op hierdie ouderdom nog 'n merkwaardig geestelike en liggaamlike gesondheid.

Saam met die ongeveer 500 oud-lede van sy orkes wens *Matieland* hom Gods rykste seën verder toe.

NUWE REKTOR VAN UNIVERSITEIT WES-KAAPLAND

Prof. Sieberhagen tree af

Prof. C. J. Kriel dekaan van die Teologiese Skool van die N.G. Sendingkerk, is as die opvolger van prof. N. Sieberhagen aangestel. Prof. Sieberhagen tree op 31 Desember vanjaar met pensioen af as rektor van die Universiteit Wes-Kaapland. In 1952 het dr. Kriel die M.Th.-graad aan U.S. behaal en later sy D.Litt. et Phil. aan Unisa.

ADJ.-SEKR. INDIËRSAKE TREE AF

Mnr. G. T. Nieuwoudt van Pretoria skryf op 1 September 1972 o.a. dat hy aan die einde van November uit die Staatsdiens tree en sê:

Deel van sy Alma Mater

Waar 'n mens deur die ouderdom verplig word om van jou tentpenne uit te trek, bly dit van belang dat jy jou nog deel voel van jou Alma Mater – dit kan hulle jou nie ontneem nie. Om so die nuus van ou Stellenbosch te verneem, bly 'n inspirasie.

Die drie jaar 1928–1930 in seksie 13, kamer 67, van Dagbreek, eers saam met Luther Bruwer en daarna met ds. G. E. Bruwer, sal my bybly as die belangrikste tydperk in my lewe. Nieteenstaande jou verbeterde kwalifikasies kon jy in daardie tyd alleenlik deur invloed werk kry. Vandag loop die jongmense van een werk na die ander soos hulle beter salaris trek.

Dialoog en rasseverhoudings

Ons maak staat op die teenswoordige studente om altyd tog U.S. se naam hoog te hou – en as Adjunksekretaris by die Dept.-Indiërsake glo ek, soos die jeug, dat dialoog, goed gebruik, ons rasseverhoudings moet bevorder.

BARRIE IN HOOGSTE STAATSDIENSPOS

Mnr. F. G. Barrie is met ingang 1 September in die hoogste pos in die Staatsdiens aangestel, nl. as Kontroleur en Ouditeur-generaal in die plek van die uitgetrede mnr. H. Kotzenberg.

Mnr. Barrie is op 10 Maart 1913 te George gebore. In 1936 het hy die graad B.Sc. in Bosbou op Stellenbosch behaal. Daarna het hy nog twee jaar in Nederland gestudeer en daarna in die Dept. van Bosbou begin werk. In 1966 het hy Sekretaris van die Dept. van Inligting geword.

Mev. Barrie was mej. C. M. F. de Villiers wat in 1937 die B.A.-graad op U.S. behaal het.

Mnr. F. G. Barrie

JAN BOUWS, KENNER VAN AFRIKAANSE VOLKSMUSIEK

Dr. Jan Bouws, D.Phil. (Stell.), lektor in Musiek aan U.S., het op 28 Julie vanjaar sy sewentigste verjaardag herdenk.

Die Julievakansie was vir hom om nog 'n rede merkwaardig omdat die F.A.K. aan die begin van die maand aan hom (in absentia weens ongesteldheid) 'n oorkonde vir sy diens aan die Afrikaanse volksmusiek toegeken het. Mev. Bouws het dit namens hom in ontvangs geneem. Dr. Bouws het hom in 1960 op uitnodiging van die F.A.K. op Stellenbosch kom vestig, maar reeds in 1957 het hy al voor die F.A.K. 'n referaat oor ons volksmusiek gelewer.

In 1965 het hy sy doktorsgraad op Stellenbosch behaal met die proefskrif: Die Musieklewe van Kaapstad 1800–1850 en sy verhouding tot die musiekkultuur van Wes-Europa.

Dr. Bouws se swewende glimlaggie is kenmerkend van die gesindheid van homself, sy huis en sy ouerhuis in Nederland waar baie Afrikaners gasvryheid geniet het.

Dr. Jan Bouws

BEWAARDERS VAN DIE NATUUR

Mnr. Rocco Knobel (M.A. 1937), Direkteur van Nasionale Parke van S.A., het saam met ander afgevaardigdes van die Nasionale Parkeraad, die elfde algemene vergadering van die Internasionale Unie vir die Bewaring van die Natuur en Natuurlike Hulpbronne te Banff, Kanada, in September bygewoon.

Dr. A. E. Rupert

Op sy terugpad het mnr. Knobel in Morges, Switserland, by dr. Anton Rupert aangesluit vir 'n vergadering van die Wêreld Natuurfondse. Dr. Rupert is lid van die Uitvoerende Komitee en voorsiter van die Fondsinsamelingskomitee van die Wêreld Natuurfonds.

'N VISE-REKTOR VAN UNISA

Prof. Fritz Emil Rädel is vanaf 1 Augustus 1972 as een van die twee vise-rektore van die Universiteit van S.A. aangestel. Hy het in 1947 die D.Comm.-graad te

Prof. F. E. Rädel

Stellenbosch behaal. Prof. Rädel het 'n indrukwekkende reeks navorsingswerk gedoen, dien in verskeie belangrike liggame en het 'n stewige akademiese rekord. Prof. en mev. Rädel het drie kinders.

DIE PARLEMENT BEHOORT AAN DIE VOLK

Mnr. J. J. H. Victor, die nuwe Sekretaris van die Volksraad, was een van die oud-Maties wat die saamtrek aan die einde van November bygewoon het.

Hy het in 1939 die B.A.-graad op Stellenbosch behaal en reeds in 1946 by die Volksraad begin werk. In sy studentedae was hy 'n lid van die S.R. en van ander studenteliggame. Sy ideaal is om die volk te laat voel dat die Parlement werklik aan hulle behoort.

NUFFIELD-BEURSWENNER

Dr. Steve Rossouw, M.Med. (Stell.), van die Karl Bremer-Hospitaal, Bellville het die Nuffield-beurs vir geneeskundige navorsing ontvang. Dit is 'n besondere prestasie want uit elk van die huidige en die gewese lidlande van die Staatebond word elke jaar slegs twee studente vir die beurs benoem. Dit bedra R5 200 vir 2 jaar, plus passasie, aan die Universiteit van Oxford. Hy en sy gesin vertrek in Mei 1973. Sy studierigting sal farmakoterapie, aptekerswese uit die oogpunt van die geneesheer, wees.

VROUE-ADVOKAAT

Mej. Amanda M. de Swardt (23) is in Julie in die Kaapse Hooggeregshof as advokaat toegelaat. Sy kom van Ventersburg en het die B.A. LL.B. in 1971 behaal.

Mnr. Willem D. de Beer (B.A. LL.B., 1970), is ook in Julie as advokaat beëdig.

HOUER VAN KANSELIERSMEDALJE (1967) KEER TERUG

Dr. Johan Buys het na twee jaar van die Universiteit van Leiden waar hy gepromoveer het in die numerieke wiskunde, teruggekeer. Hy is te Pretoria in diens van die Atoomkragraad.

GHOLF-SPRINGBOK

Oud-Matie *Cheron Gerber* het onlangs 'n gholf-Springbok geword. Sy het in die medisyne gestudeer en was 'n inwoonster van Irene. In Oktober het sy en

Cheron Gerber

ander Springbokke na Suid-Amerika vertrek om te speel.

OUD-MATIES VAN HUIS TEN BOSCH EN GREYLOCK HOU REÜNIE

Mev. Noëline Boshoff van Strubenkopweg 374, Lynwood, Pretoria, het so verlang na die vriendinne van weleer dat, met behulp van 'n kennisgewing in *Matieland,* sy 'n vrolike groep dames in haar huis laat vergader het.

Sommige oud-Maties wat nie in die bogemelde koshuise was nie, kon nie die versoeking weerstaan om ook aan te sluit nie. (So is Maties mos: Hoe verder van Stellenbosch, hoe lojaler!) Na verneem word, het die dames hulle oor allerlei sake op die hoogte gestel, soos jou kammie se vetrolletjies, die meisie oorkant jou se gryserige hare, asmede 'n bepaling van die grootte van gesinne en die welstand van die mans.

Massa en kilogramme ten spyt is deeglik kleingeld gemaak van soetgoed en natuurlik . . . vleispasteitjies. Mev. Boshoff vra dat die oud-Maties van tussen 1955 en 1961 met haar moet skakel.

MEV. BOSHOFF EN GASTE

L.n.r.: Mev. Henriëtta Jacobsohn (B.A. Musiek), gebore Anderssen; mev. Ode Krige (M.A. Volkekunde), gebore Weiss; mev. Noëline Boshoff (M.A. Sielkunde), gebore Minnaar en mej. Alet Steyn (B.Sc. S.O.D.).

EREDOKTORSGRAAD IN MUSIEK

Arnold van Wyk, B.Mus., F.R.A.M., A.R.A.M., U.O.L.M., U.V.L.M., lektor in musiek aan U.S., bekende komponis en pianis, het op 30 Junie 'n eredoktorsgraad in musiek van die Universiteit Kaapstad ontvang. Hy is in 1916 naby Calvinia gebore, het op Stellenbosch skoolgegaan en aan die U.S. gestudeer. Gedurende die Tweede Wêreldoorlog het hy o.a. deelgeneem aan die eerste Afrikaanse uitsendings van die B.B.C.

Van 1949 tot 1960 was hy dosent in musiek aan U.K. en sedert 1961 aan U.S.

Mnr. Pieter van Huyssteen, Voorsitter van die Stellenbosse Studenteraad 1970, is aangestel as persoonlike assistent van dr. P. E. Rousseau, voorsitter van die Federale Groep. Hy sal aan die Johannesburgse kantoor verbonde wees.

KERNEELS VAN BERGVILLE

Wanneer ds. H. M. Louis du Toit, tans van Rusape, Rhodesië, sy *Matieland* lees, herleef hy in sy gedagtes sy studentejare.

Hy dink aan Bergville, eetplek van latere bekendes soos D. G. Franzsen, J. L. Sadie en D. P. M. Beukes. Bergville het vir Kerneels as oorlamse kleurlingtafelbediende gehad. Aan hom het Jan Sadie altyd gesê: „Kerneels, bring asseblief my eetimplemente."

Op 'n sekere aand groet Kerneels vir Eddie Botha

toe laasgenoemde op sy fiets verby ry, met: „Naand mnr. Botha!" Eddie, onder die waan dat dit 'n eerstejaar is, antwoord: „Het ou Pel!"
(Ds. Eddie Botha is 'n paar jaar gelede oorlede en die eggenote van ds. Du Toit is verlede jaar vanweë 'n motorongeluk in Malawi oorlede. Red.)

OUD-MACDONALD-HUISERS AANDAG!

Mnr. J. P. Lehman, bekend as Ou Lou, uit die jare 1918–20, wil graag kiekies en persoonlike mededelings uitruil met ander Macdonald-huisers „wat nog daar is"! Skryf asb. aan adres: Ventura w/s 106, Queenswood, Pretoria.

VERLORE OUD-MATIES?

Mev. M. C. Fourie skryf uit die N.G. pastorie van Roodepoort op 20 Augustus:

Met albei ons kinders ook op Stellenbosch en ons seun nogal primarius van Dagbreek is dit darem hoog tyd dat ons ook die *Matieland* ontvang, nè?

My man, Dummies Fourie (1937–1944 op Stellenbosch), sê hy het as eerstespanrugbyspeler vir vier jaar menige drie vir die Maties gedruk en was in 1942 die stigtersvoorsitter van die jukskeilaer. Ek self was van 1941 tot 1943 besig met die H.P.O.D.

(Baie dankie vir u mooi bydrae tot *Matieland*, en hartlik welkom by die meer as 21 000 intekenaars. Die groot vraag is: Waar is die ander duisende burgers van Matieland? Red.)

HISTORIESE MONUMENTE VAN S.A.

Op 1 Augustus vanjaar is die omvangryke en kleurvolle werk *Die Historiese Monumente van Suid-Afrika* in die H. B. Thom-teater amptelik bekend gestel. Op die foto verskyn (l.n.r.) mev. H. Rupert, prof. J. J. Oberholster (skrywer), Miemie Coertze en mnr. D. W. R. Hertzog.



HISTORIESE PERSOONLIKHEDE IN DIE MATIE S.R. VAN 1918–19.

Agter (l.n.r.): *T. Kriege, J. Neethling, J. J. Strasheim, D. Steytler, M. Booysen, P. O. Sauer.*
Middel: *N. du Plessis, B. Wessels, G. Theron (Penningmeester), J. C. Smuts (Voorsitter), T. E. Dönges, J. Hofmeyr, T. Kriel.*
Voor: *T. Malherbe, E. G. Malherbe, C. J. van Dyk (Sekr.).*

BESOEKERS UIT HAWAII

Vyftien vooraanstaande inwoners van Hawaii het op 28 September 1972 U.S. se botaniese tuin besoek. Hier beduie mnr. Wim Tijmens, kurator, hoe die welwitchia (op die voorgrond) in die tuin gekweek is.

Matielandfonds

Tot op 7 Oktober 1971 het ons lesers R8 782,11 tot die *Matielandfonds* bygedra. Ons erken met dank en waardering die volgende bydraes wat sedertdien ontvang is. Sal die skenkers met onbekende adresse asseblief hulle korrekte adresse aan ons stuur?

Totaal tot 7 Oktober 1971	R8 782,11
Mev. N. Barrow, Santa Maria 205, Gerard Moerdykstraat, Sunnyside, Pretoria	5,00
Mnr. M. D. Bester, p/a J. H. Kleynhans, Posbus 272, Kroonstad	5,00
Mnr. J. F. Bosch, Brandwag, Mosselbaai	2,00
Mnr. F. A. Cloete, Posbus 1304-C, Luanda, Angola	10,00
Dr. D. M. de Waal, Kerklaan 355, Lynnwood, Pretoria	10,00
Mnr. D. G. du Plessis, Lingen Gardens 308, Kampstraat, Tuine, K.P.	5,10
Ds. W. A. Fourie, Posbus 2368, Windhoek ...	5,00
Mnr. D. C. Hauptfleisch, Woordeboekkantoor, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch ...	10,00
Mnr. N. Heymans, Paarlstraat 72, Standerton ...	5,00
Dr. H. Herre, Piet Retiefstraat 7, Stellenbosch ...	10,00
Ds. S. G. Jacobs, Buitendagstraat 65, Monte Vista, K.P.	5,00
Mnr. J. P. Lehman, Ventura w/s 106, Queenswood, Pretoria	10,00
Mnr. C. A. Loots, Bothashof Skool, Posbus 3900, Salisbury	5,00
Mnr. G. S. Louw, Moria, Derdelaan, Kleinmond	5,00
Mnr. L. Louw, Posbus 17, Caledon	3,00
Mej. M. Meyer, Hoërskool Gert Maritz, Pietermaritzburg	5,00
Mev. D. Musiol, 9de Laan 986, Wonderboom-Suid, Pretoria	7,00
Mev. S. Naude, Longstraat 21, Lichtenburg ...	2,00
Mej. C. Nel, p/a Mnr. en Mev. du Bois, Williamstraat 1, Parow	2,00
Mnr. H. F. O'Kennedy, le Rouxstraat, Montagu, K.P.	1,00
Sen. D. H. Potgieter, Posbus 12, New England, oor Aliwal-Noord	50,00
Mnr. J. M. Rothmann, Posbus 517, Bloemfontein	10,00
Mnr. C. J. Scholtz, Mopanistraat 63, Parkville, Witrivier	10,00
Mnr. A. Strydom, Cornelialaan 12, Framesby, Port Elizabeth	1,00
Mnr. M. van der Berg, Interbank, Posbus 6035, Johannesburg	6,00
Mnr. T. A. van Eeden, Posbus 207, George ...	2,00
Dr. W. S. van der Westhuizen, Progress-straat 30, George	3,00
Mnr. P. E. le R. van Niekerk, Posbus 6, Sasolburg	4,00
Mnr. A. van Wyk, Posbus 21, Britstown	5,00
Anoniem	10,00
„	1,00
Totaal tot 22 September 1972	R8 996,21

L.W.: Alle tjeks en posorders moet asseblief aan *Die Matielandfonds* betaalbaar gemaak word.

Dekane 1973

Die volgende persone is tot Dekane van die onderskeie Fakulteite vir 1973 benoem:

Lettere en Wysbegeerte	Prof. D. J. Kotzé
Natuurwetenskappe	Prof. W. L. Mouton
Opvoedkunde	Prof. P. S. du Toit
Landbou	Prof. C. R. Liebenberg
Regsgeleerdheid	Prof. W. M. van der Westhuizen
Teologie	Prof. T. N. Hanekom
Handel en Administrasie	Prof. I. J. van Biljon
Ingenieurswese	Prof. J. W. R. de Villiers
Geneeskunde	Prof. A. J. Brink
Bosbou	Prof. P. C. de Villiers
Krygskunde	Prof. P. J. G. de Vos
Tandheelkunde	Vakant

Studentebedrywighede

Die Studenteraadskonferensie 17, 18 Julie 1972

Na 38 jaar

Vir die eerste maal sedert 1934 het die studenterade van al die universiteite vir blankes in Suid-Afrika weer gesamentlik vergader. Dié historiese geleentheid het op Stellenbosch plaasgevind. Elke afvaardiging het uit 'n maksimum van 4 lede bestaan. Waarnemers kon dit ook bywoon.

Vetoreg

'n Belangrike reël i.s. mosies was: „Enige afvaardiging kan voorstel dat 'n mosie nie nou ter tafel geneem word nie, in welke geval dit nie ter tafel geneem word nie. Hierdie voorstel kan op enige stadium tot voor stemming gemaak word." Dit het 'n praktiese vetoreg aan elke afvaardiging gegee.

DIE REKTOR AAN DIE WOORD

Op die Maandagaand het die Rektor 'n gesellige onthaal aangebied waar hy die aanwesiges in hoofsaak soos volg toegespreek het:

Hy het die aanwesige studenteraadslede van Bloemfontein, Durban-Pietermaritzburg, Grahamstad, Kaapstad, Potchefstroom, Port Elizabeth, Pretoria, Die Randse Afrikaanse Universiteit, Witwatersrand en Stellenbosch, benewens die dekane van 8 van U.S. se fakulteite en andere, verwelkom.

Prof. De Villiers het die afsonderlike universiteite geluk gewens dat elkeen sy eie interne probleme om hierdie konferensie by te woon, kon oplos en die hoop uitgespreek dat dit die eerste van vele desgelykes sal wees. Hy het dit dus jammer gevind dat die studenterade van die universiteite vir Gekleurdes en Bantoes nie verteenwoordigers wou stuur nie.

Die Gemeenskaplike Benadering

Prof. De Villiers het gesê dat die wyse waarop die konferensiegangers hierdie konferensie sal benader, die lot van toekomstige konferensies sal bepaal. Wanneer gemeenskaplike probleme bespreek word en die afgevaardigdes bereid is om van mekaar te leer, sal 'n suksesvolle grondslag gelê word.

Daar is egter ook verskille wat eerbiedig moet word want elke universiteit het sy eie identiteit, geskiedenis, atmosfeer en tradisie. Sodra een bepaalde groep gaan probeer om sy eie stempel op die konferensie af te druk, sal die vergadering misluk.

Realism and responsibility

"As on previous occasions I would like to express my confidence in the youth of today – especially in the present-day student. I admire your vitality, enthusiasm, sense of community service, knowledge, sense of involvement and idealism. But what youth so often forgets, is that idealism can only make a contribution if it is realistic and carries with it an individual responsibility – and this only emerges with experience and maturity."

"At present you are carrying a responsible load: your personal responsibility to your individual student unions. You are responsible for the prestige of your university – which includes your students, lecturers and alumni. Collectively you carry the responsibility for the image of white South African students as a whole."

„Die waarde van enige konferensie lê nie alleenlik in die besprekings in die konferensiesaal nie, maar veral in die informele sosiale besprekings. Ons hoop dat hierdie funksie daartoe sal bydra."

„Stellenbosch heet u welkom. Mag u verblyf aangenaam wees."

Die Rektor saam met die voorsitters van die Studenterade van die S.A. Universiteite op 18 Julie 1972.

L.n.r. (voor): Graham Craig (Wits), Gerhard Erasmus (U.O.V.S.), prof. J. N. de Villiers (Rektor), Buks Hertzog (Stellenbosch), Kobus van der Walt (Potchefstroom), Lieb Loots (R.A.U.). (Agter): Gert Meyer (Pretoria, Binnemuurs), Geoff Budlender (Kaapstad), Stan Newman (Natal-Durban), Tim Dunne (Natal-Pietermaritzburg), Mike Britten-Kelly (U.P.E.) en Mike King (Rhodes).

GEEN GEESTELIKE AKTIWITEIT SOOS OP STELLENBOSCH!

A.C.S.V. 'n Geestelike Krag

Mej. H. W. Smit, die Reisende Sekretaresse van die A.C.S.V. vir Universiteite en Kolleges, het onder datum 23 Augustus 1972 o.a. soos volg aan die Rektor verslag gedoen:

Ek vind by geen ander universiteit of kollege waar 'n tak van die Afrikaanse C.S.V. bestaan soveel geestelike aktiwiteit soos op Stellenbosch nie.

Op Stellenbosch vergader weekliks gedurende 1972 meer as 2 300 studente in meer as 300 kringe om Bybelstudie te doen; 287 studente het van November 1971 tot Julie 1972 werkerskampe op sendingstasies bygewoon waar hoofsaaklik intensiewe handearbeid verrig is; tussen 500 en 600 studente doen elke Sondagoggend praktiese sendingwerk deur die hele distrik van Stellenbosch.

Sendingweek

By geen ander universiteit of kollege in Suid-Afrika word sulke groot getalle by geestelike aktiwiteite betrek nie. Ook die Sendingweek wat op die oomblik aan die gang is, is enig in sy soort wat betref omvang en belangstelling.

Daar gaan 'n geestelike invloed uit van die Universiteit van Stellenbosch wat in die breë samelewing waarneembaar is. 'n N.G. predikant van Bloemfontein het teenoor my die opmerking gemaak dat die oud-Maties in sy gemeente deur hulle aktiewe sendingbelangstelling gekenmerk word.

Hiermee wens ek my dank uit te spreek vir die hartlike samewerking wat die Afrikaanse C.S.V. van die Universiteitsowerhede kry.

AFR. C.S.V. DRA R6 000 BY VIR SENDING

Op 4 Augustus 1972 het die Afr. C.S.V.-tak, Universiteit Stellenbosch, R6 000 aan ds. J. J. Sieberhagen, die Binnelandse Sendingsekretaris van die N.G.K., oorhandig vir die salaris van 'n dosent aan die Cicira-onderwyseropleidingsinrigting vir Bantoes, naby Umtata. Ds. G. P. Burger is in dié pos aangestel. Die A.C.S.V. het ál die geld op Stellenbosch ingesamel.

L.n.r.: Mnr. Coenie Burger (Voorsitter A.C.S.V. aan U.S.), ds. Sieberhagen, mnr. Richard Black (Voorsitter: Sente-vir-die-Sending, A.C.S.V., U.S.).

DIE STUDENTERAAD 1972/3

Voor, l.n.r.: Mej. Lizel Visser, mnre. Uys Theron, Christoff Pauw, John Daneel en Willem Doman. Agter: Mnre. Chris Heyns, André Görgens, Bobby Loubser, Uys de Jager, Theo Smith, Mark Patterson, Gerrie de Villiers en Hennie van der Merwe.

Eggo van Universiteitskoor

Mylpale flits gewoonlik vinnig verby. En dan snel jy voort na 'n volgende . . . en 'n volgende. Wanneer die Universiteitskoor Stellenbosch aanstaande jaar sy een-en-twintigste toer onderneem, sal hy egter 'n mylpaal bereik waarby stilgehou sal kan word . . . want dan sal die Koor vir die eerste keer in Europa optree.

Die Universiteitskoor Stellenbosch is die enigste uit Suid-Afrika onder die sestien kore wat deur die Orfeon Academico de Coimbra genooi is om aan die Internasionale fees vir universiteitskore in Portugal deel te neem, saam met kore van Brasilië, Spanje, Amerika, Japan, Switserland, Duitsland, Italië, Engeland en Portugal.

Die uitnodiging was uit die bloute en mnr. Philip McLachlan, wat een van die klompie liefhebbers van sang was wat in 1936 onder leiding van mnr. William Morris die koor begin het, was tegelyk oorstelp van vreugde en huiwerend beskeie. „Dit is te goed om waar te wees! Kan ons dit dan waag?" Tipies Philip McLachlan. Perfeksionis tot in die laaste lit van sy gevoelvolle pinkies en fynproewer van die beste gehalte . . . net hý sal selfs in 'n oomblik van opwinding gehalte voorop stel.

In hierdie gees van opgewonde verwagting is die twintigste toer van die Universiteitskoor aangepak en ambisieus soos dit was – met besoeke aan die Transkei, Rhodesië en Malawi – was dit uiteindelik byna 'n oefenloop in die kleine vir Portugal se grote.

Die Universiteitskoor Stellenbosch, wat vanjaar in Junie en Julie 'n baie geslaagde toer in die Republiek, die Transkei, Rhodesië en Malawi onderneem het.

Die gedagte om die Transkei en Malawi te besoek, het gespruit uit die welslae wat die koor in 1971 behaal het toe hy ná 'n toer in Suidwes-Afrika ook in Owambo gaan sing het. Dit was 'n deurbraak in meer as een opsig en die kontak wat ondanks taalverskille deur middel van die lied en die singende stem gemaak is, het die besef onteenseglik tuisgebring dat daar op hierdie wyse oneindig meer as net waardering vir goeie koorsang uitgelok kan word.

Die konsert op Umtata voor 'n gehoor van Xhosas was niks minder nie as 'n belewenis. Die uitvoering is voorafgegaan deur 'n loflied vir die waarnemende hoofminister van die Transkei, mnr. George Matanzima, waarvan die koorlede bitter min verstaan het, maar wat vol „dramatiese momente" was.

Dit is gevolg deur 'n fyn deurdagte toespraak deur mnr. Matanzima, waarin hy die waarde van musiek en sang vir die mens in oomblikke van vreugde, droefheid en nood geskets het en waarin hy o.m. ook gesê het: „There is much talk ABOUT dialogue, but this IS dialogue".

Die koor het die Xhosa-gehoor in 'n uitbundige en uitgelate ekstase gehad met sy sang en veral die Bantoe-liedjies is telkens met luidrugtige applous begroet. Oplaas was daar die oorhandiging van die muurdoek, waarop 'n flambojante hoenderhaan uitgeborduur is, vir die „koor se oefenlokaal" aan mnr. McLachlan.

Net so oorweldigend was die reaksie wat die koor se sang in Malawi uitgelok het op Blantyre, Lilongwe en uiteindelik op Nkhoma waar die boodskap van Sy geboorte, Sy reiniging van 'n tempel, Sy lyding en dood ter wille van lewe in die gewyde deel van die program so treffend aan die harte van 'n klompie van ons buurstaat se inwoners gebring is.

Uiteindelik is die konsert in Pretoria gehou. Weer eens dawerende applous, veral vir die geniale Chris Lamprecht (wat in die gehoor was) se ryperdliedjies . . . en herontmoetings agter die verhooggordyn tussen koorlede van gister en eergister.

Dit was die twintigste toer – die sestiende onder leiding van Philip McLachlan, wie se onvermoeide ywer vanjaar bekroon is met 'n erepenning van die Suid-Afrikaanse Akademie – en 'n toer wat Maties en oud-Maties van die Kaap tot in Transvaal groot vreugde verskaf het.

Portugal lê nou voor. Dit was nie maklik om die beperkte getal „stemme" te kies wat kan gaan toer nie, maar dis agter die rug en daar word reeds kliphard geoefen. Onderhandelings met die Suid-Afrikaanse Lugdiens, wat uit die staanspoor sy flinke diens in werking gestel het, is ook reeds ver gevorder om die groep van vyftig op een van sy vier gereelde weeklikse vlugte na Portugal te bring.

Die fees van onbegeleide sang word van 4 tot 20 April in die sentra van Portugal afgehandel. Sy deelname aan hierdie internasionale byeenkoms sal die kroon plaas op wat die Universiteitskoor Stellenbosch in die 36 jaar van sy bestaan bereik het.

LOUIS WESSELS



Die wegtrek na 'n sendingwerkerskamp.



Die muurbehangsel wat na afloop van die konsert voor 'n Xhosa-gehoor op Umtata aan die Universiteitskoor oorhandig is.

SENDINGWERKERS

Gedurende die afgelope wintervakansie het groepe studente, soos elke jaar die gewoonte is, as werkspanne na Botswana, Swaziland en die Transkei gegaan om skole en sale te help bou.

MATIES OORHEERS KANOVAART

André Collins het in Julie die Bergrivierwedstryd gewen toe hy na 256 km by Velddrif die brug eerste gehaal het. Agter hom was Jacques van der Merwe, wat tweede in die laaste skof en derde in die wedvaart was. Collins het die tweede roeier geword wat ál vier skofte van 'n bepaalde wedvaart gewen het.

Van die ses Springbokke wat in Augustus vir S.A. in Europa verteenwoordig het, was A. Collins (kaptein), E. van Riet, Jacques van der Merwe en S. Uys, almal Maties.

Mnr. Nel van der Merwe, Jac se vader, sê dit was 'n besondere afskeidsgroet wat aan die ses deur hulle ouers en andere gegee is toe hulle met die Jumbo vertrek het: Vasbyt! Sterkte! Boertjies! Geen wonder nie dat die span se vertonings werklik glorieryk was nie. Mnr. Van der Merwe het sy brief geëindig met: Dankie aan U.S.; Matieland bó; Boland bó!

SPORTMAN VAN DIE JAAR 1972

Ferdie la Grange, senior student in Geneeskunde, is uit die midde van ander Stellenbosse atlete en sport-

Mnr. Tol de Villiers van Sanlam oorhandig die trofee aan Ferdie (regs).

manne van springbok-, Afrika- en internasionale standaard gekies as sportman van die jaar. Sy Afrika-rekord van 2 : 17 : 51,4 vir die Marathon het seker die deurslag gegee.



VAT SO!

Met die sangfees vanjaar was dr. J. L. de Villiers, een van die groot vyf van 26 jaar gelede, weer in aksie. Hoewel 'n kwarteeu nie ligtelik op enige dirigent rus nie, is dr. Jan nog die ene inspirasie. Só moes Huis Visser, Huis Marais en Irene die noot vat!

MATIE IN SY HART

'n Wit kierie, 'n randsteen, soms 'n vriendelike hand aan die arm by 'n straatkruising – en hierdie Matie stap nie net flink klas toe nie, maar ook sy toekoms in! So is daar ook ander met 'n rystoel of 'n bandopnemer!



SANLAM HELP DIE AFRIKAANSE STUDENTEVERENIGING VAN STELLENBOSCH

Gedurende die afgelope wintervakansie het die A.S.V.S. 'n aktualiteitskursus aangebied. 'n Paneel van vooraanstaande persone het die lesings aangebied en Sanlam het die kursus geborg.

DIE REËLINGSKOMITEE

Voor, l.n.r.: Lizel Visser, Karin Roets, mnr. M. G. Swart (Personeelbestuurder van Sanlam). Middel: S. de Jager, Barbara Swart, Pieter Raubenheimer (Voorsitter van die kursus). Agter: Mnr. Gustav Pauw (Streeksbestuurder van Sanlam), Hennie van der Merwe en mnr. Johan Fechter (Skakelbeampte van Sanlam).

Oud-Maties! U Adresse

Die Universiteit van Stellenbosch wil graag sy band behou met alle oud-Maties.

Indien uself, of 'n ander oud-Matie van wie u weet, nog nie *Matieland* kry nie, vul asseblief die vormpie in en stuur dit aan die redakteur.

DRUKSKRIF ASSEBLIEF

Knip uit en stuur asseblief aan Die Redakteur van Matieland

Van en Voorname: .....

Prof. Dr., Ds., Mnr., Mev., Mej.: ..... Nooiensvan: .....

My ou adres vir *Matieland* is: .....

My nuwe adres vir *Matieland* is: .....

..... Foon: .....

My nuwe betrekking is: .....

..... Foon: .....

Graad (Grade) en/of Diploma(s) aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf, met jaartalle: .....

.....

Verdere besonderhede (prestasies, ens.): .....

.....

.....

.....

DIE MATIELANDFONDS

Die Redakteur,
Matieland,
Universiteit van Stellenbosch,
STELLENBOSCH

Geagte Heer,

Aangeheg is my bydrae tot die Matielandfonds ter bestryding van die druk- en verspreidingskoste van *Matieland.*

Naam (Prof., Dr., Ds., Mnr., Mev., Mej.): .....

Adres: .....

.....

Bydrae: R.....

(Maak tjeks asseblief betaalbaar aan die *Matielandfonds.* Bydraes word erken per kwitansie en in *Matieland.*)

'n Interuniversitêre Netbaltoernooi op Coetzenburg in die Julievakansie is dubbel aanskouenswaardig!

L. n.r.: Desna Webb (Rhodes), Elsa Mans (U.O.V.S.), Mardelyn van Rensburg (Stellenbosch), Beatrice Moolman (Potch.) en Marlene v. d. Watt (Potch.).

OUD-MATIEBAADJIES

Prys R29,95
Vervaardig deur Veka
Alle Nommers altyd in Voorraad

Nuwe Terylene Oud-Matiedas
Prys R2,75

Skryf aan:

pikkie blommaert
mansuitruster stellenbosch

Posbus 94
Stellenbosch

VIR DRUKWERK VAN KWALITEIT

NASIONALE HANDELSDRUKKERY BEPERK

VERKOOPKANTOOR:
H/V LEEUWEN- EN LANGSTRAAT
KAAPSTAD

Natuurlik betaal Santam die maksimum toelaatbare rentekoerse.

Almal doen dit.

Maar daar is 'n verskil

Noudat almal die maksimum toelaatbare rentekoerse betaal, is dit nie nodig om rond te snuffel na daardie ekstra half persent nie. U gaan waar die diens is – waar beleggers nog altyd op iets meer kon reken. Stap binne of ontbied ons en kies 'n besparingsplan om u persoonlike behoeftes te pas. U sal sien wat ons bedoel.

Santam

SANTAM BANK BEPERK
GEREGISTREERDE ALGEMENE BANK

Om ons te ken is om van ons te hou

ST 535/105A



STAAL VIR VOORUITGANG!

YSKOR, wat reeds meer as driekwart van Suid-Afrika se staalbenodigdhede voorsien, is tans besig met 'n grootskaalse uitbreidingsprogram, teen 'n koste van meer as R1 000-miljoen.

Daar bestaan geleenthede vir interessante en lonende betrekkings in hierdie groeiende onderneming, wat werke op Vanderbijlpark, in Pretoria en Newcastle, asook verskeie mynsentrums omvat. YSKOR het die dienste nodig van bedryfs-, chemiese, elektrotegniese, metallurgiese, mynboukundige en werktuigkundige ingenieurs, terwyl gegradueerdes in wetenskappe, lettere en handel in sy tegniese en administratiewe departemente geplaas kan word.

YSKOR-werknemers geniet die voordele van 'n pensioenskema, mediese bystand, 'n huiseienaarskema, 'n verlofbonus, 'n groeplewensversekeringskema, ontspanningsfasiliteite en ander welsynsgeriewe.

Oorweeg u 'n loopbaan in die staalbedryf saam met talle oud-Maties? Skryf dan gerus om nadere besonderhede aan die Personeelbestuurder.

SUID-AFRIKAANSE YSTER EN STAAL INDUSTRIËLE KORPORASIE, BEPERK
Hoofkantoor: Posbus 450 Pretoria

Ons is om elke hoekie– met die regte soort hulp.

Besoek ons of ons sal u besoek

Suid-Afrikaanse Permanente Bouvereniging

Permanente Gebou, Pleinstraat 4, Stellenbosch.

Grant 1088

Gedruk deur Nasionale Handelsdrukkery Beperk, Elsiesrivier, Kaap

Elke Sigaret 'n Meesterstuk

Vervaardig in Suid-Afrika

VRFA191Q